

Leef met Wysheid

‘n Studie van Spreuke saamgestel deur Annora Mostert en Elize Van Zyl

Hierdie studie is die resultaat van ‘n jaarlange intense studie van Spreuke wat ek en my vriendin Elize saam gedoen het. Ons is nie “skrywers” nie, en het slegs ons studie neergeskryf sodat ons dit kan gebruik vir verdere studie verwysing.

Mettertyd egter het ons al hoe meer die begeerte ontwikkel om vir ander te vertel wat ons geleer het en het ons die notas met ander begin deel. Die uitdaging wat ons toe van vriende en familie kry is dat ons die studie moet publiseer. Aanvanklik was ons nie ernstig daarvoor nie, maar teen die einde van die studie het ons beide gevoel dat dit goed sal wees.

Elize is skielik net na afhandeling van die studie oorlede. Dit het ons harte gebreek, al is ons almal rustig in die wete dat sy gelukkig by Jesus is. Dit het my gelaat met die taak om ons studie publiseerbaar te kry. Soms wou ek moed opgee, want soos genoem - ek is nie ‘n skrywer nie – maar die Heilige Gees (en my man, Orlando) het my voortdurend aangepor om voort te gaan. Ek is oortuig daarvan dat die leser van hierdie studie sal saamstem met die feit dat ‘n lewe sonder die toepassing van Goddelike Wysheid, ‘n lewe is waar ons as Christene aan die einde van die dag maar presies dieselfde doen en lyk as die res van die wêreld. Die wonderlike feit is egter ook waar, en dit is dat God se wysheid en die toepassing daarvan alle filosofie oortref en dat dit bewese sukses waarborg.

Hierdie studie is hoofsaaklik gedoen uit Spreuke met enkele verwysings en aanhalings na ander boeke in die Bybel. Insteede daarvan om Spreuke hoofstuk vir hoofstuk te bestudeer, is dit opgedeel in kategorieë. Verwysings het slegs die Bybelboek vooraan waar dit nie uit Spreuke is nie, andersins word dit slegs soos volg weergegee: (1:1). Die leser word aangemoedig om self verdere studie te doen en hierdie studie as ‘n riglyn te gebruik.

Ek dra hierdie publikasie op aan my beste, beste vriendin ooit - Elize - en ek gee al die eer aan my Here Jesus.

Inleiding

Ten spyte van die feit dat ons as Christene veronderstel is om soos oorwinnaars te lewe, is ons almal vasgevang in ‘n samelewing en sisteem wat al ons energie, talente en hulpbronne eis, net sodat ons kan oorleef. Ons lewenstyl en die resultaat van ons daaglikse handelings, lyk dikwels dieselfde as die van die goddelose.

Die feit dat ons Christene is en Jesus waarlik liefhet, is geen waarborg dat ons die nodige wysheid het om soos Christene te leef nie. Jakobus het dieselfde verskynsel waargeneem, en in sy brief aan die gemeente van Christus sê hy die volgende: “*Is daar ‘n wyse en verstandige mens onder julle? Dan moet hy dit toon deur sy goeie gedrag en deur dade wat van nederigheid en wysheid getuig. Terwyl daar bittere naywer en selfsug in julle harte is, moet julle nie daarmee spog dat julle wysheid het nie, want dan praat julle nie die waarheid nie*” (Jakobus 3:13-14).

Dit is interessant dat die Griekse filosofie vandag deur die wêreld geëer word as ‘n gesonde basis waarop ons verdere filosofie moet bou. Die vraagstukke waarmee hulle geworstel het en die sogenaemde antwoorde wat hulle daarop gevind het, is reeds honderde jare vantevore deur Salomo neergeskryf nadat God vir hom die Wysheid gegee het. Meer opwindend egter is as ons vandag Spreuke bestudeer, dan vind ons dat dieselfde vraagstukke en dieselfde antwoorde steeds geldig is.

Verder is dit interessant om te gaan kyk na die resultaat van die toepassing van die Griekse filosofie – ‘n sisteem waar die “sterkste oorleef”, verdrukking, onderdrukking en samelewings (selfs dié wat hulself kollektief Christelik ag) wat deurspek is met gierigheid, oneerlikheid, misdad, egskeidings, aborsies, armoede, drankmisbruik, ens. Ongeag die laasgenoemde verskynsels, leef ons in sogenaamde demokratiese sisteme waarbinne ons in elk geval uiters beperkte inspraak en vryheid het. Die individu het bykans geen waarde in hierdie sisteem nie. Wanneer dit moeilik

gaan in die korporatiewe wêreld, dan is dit die individu wat sy werk verloor. Wanneer regerings meer fondse nodig het (wat hulle in elk geval wanbestuur), dan is dit die individu wat hoër belas word. Tog, die menings van die “intellektuele” is dat dit die perfekte model vir samelewing is.

Die Grieke mag dalk meer eksplisiet gewees het in die afgode wat hulle aanbid het, maar vandag se samelewings het net soveel afgode, dit is net in ‘n ander vorm. Met die mond word daar erken dat “ons hulp van die Here af kom” en dat Jesus ons enigste Redder en God is, maar in realiteit word boeke soos “The Secret” topverkopers, want dit is so belangrik om te hoor dat in werklikheid bepaal ons self alle dinge en is ons almal “gode” – al wat ons moet doen is om in onself te glo!!!

God word meer dikwels as wat ons aan onself wil erken, verklein totdat Hy in ‘n kassie pas waar ons gemaklik voel. Hetsy op politieke terrein, sosiale terrein, met ons persoonlike verhoudings of ons werk. Ons gebruik die regte taal, haal die regte bybelversies aan en gebruik elke cliché in die boek, maar wanneer ons daagliks moet keuses maak, dan doen ons eerder wat aanvaarbaar is vir ander of vir die wêreld, want dit is veel makliker “to go with the flow”. Dit vergelyk baie goed met die destydse mensgemaakte gode.

Ek glo dat Christene van vandag gereed is om weg te draai van ‘n sisteem en ‘n lewenstyl wat duidelik nie werk nie. Ons is gefrustreerd, want ons almal weet en glo dat die lewe wat God vir ons beplan het, veel beter is as dit waaraan ons tans blootgetel word. Ek glo egter ook dat die antwoord nie lê in potities, sport en ‘n land se ekonomie nie. Die antwoord lê in ons vermoëns en wysheid om sò te leef dat God Sy beloftes aan ons kan laat waar word, sodat die hele wêreld kan sien dat ons Here Jesus die enigste God is.

Soek Sy Wysheid, dit wil sê leer Sy Karakter waarlik ken, want Sy Naam is Wysheid. Hy het die allerwonderlikste karakter – dink daaroor!!! Wysheid moet doelbewus gesoek word. Hierdie proses bestaan uit 3 stappe: i) verkry kennis (bestudeer die Woord van God), ii) ontwikkel insig (wat net verkry kan word as ons genoeg kennis het) en iii) toepassing van insig (sit jou geloof in daade om). ‘n Goeie begin is om Spreuke te bestudeer.

Deel 1: DIE STUDIE VAN WYSHEID

Hoofstuk 1: Wat is wysheid?

Die boek Spreuke is geskryf deur Koning Salomo vir sy seun as ‘n handleiding oor hoe om te regeer wanneer hy eendag koning word. Vir ons as God se kinders is die toepassing hiervan voor die hand liggend. Ons Hemelse Vader is die Koning van die heelal en ons is bestem om saam met Hom op die Troon te sit: *“Wie oorwin, sal ek saam met My op my troon laat sit”* (Openbaring 3:21).

Alvorens ons hierdie verantwoordelikheid kan opneem, sorg ons Vader dat ons behoorlik voorbereid is vir ons toekomstige rol. Die realiteite hiervan is:

- omdat ons na Sy Beeld geskape is en Hy beeldskoon is, is Sy kinders ook beeldskoon; (Romeine 8:29)
- omdat ons die denke van Christus gaan kry, gaan ons ontsettend slim wees; (1 Korintiërs 2:16)
- omdat ons alles gaan erf, gaan ons onbepaalde rykdomme besit; (Mattheus 25:34; 1 Petrus 1:4)
- omdat alle mag in die hemel en op aarde aan Christus behoort, gaan ons deel in hierdie almag. (Mattheus 28:18)

Het jy al ooit ‘n kind ontmoet wat beeldskoon, ryk, slim en magtig is, en nie ‘n absolute bedorwe brokkie is nie? God wil ons nie bedorwe brokkies maak nie, Hy wil vir ons wysheid gee. Hoekom?

God het die heelal met Sy Wysheid geskep (hoofstuk 8), daarom is alle wette onderworpe aan Sy Wysheid. God regeer die heelal met Sy Wysheid en verwag van Sy Kinders om dieselfde te doen.

Hy regeer nie met geweld nie, dit sou beteken het dat die sterkste regeer – die wêreldse sisteem (Babilon) funksioneer op hierdie wyse. Huidige en historiese samelewings het een ding sterk in gemeen – gemeenskappe wat eens die Here geëer en gedien het, het bonatuurlike veiligheid en voorspoed beleef. Sodra die reël van “die sterkste oorleef” egter begin geld het, het liefde, meegevoel en nederigheid die stryd verloor. Die resultaat is politiese korrupsie, leuens, losbandigheid, geweld, misdaad, owerspel, dronkenskap, dobbelary en gretigheid van alle soorte. *“Die sterke word ‘n stuk lap en sy werk is die vonk: die twee sal saam brand sonder dat iemand die vuur blus” (Jesaja 1:31).*

Miljoene mense maak dit nou hul besigheid om te vergoed vir hierdie verskynsels. ‘n Goeie voorbeeld is die duisende organisasies wat mense regte beskerm. So baie onnodige energie word gebruik om te vergoed vir die gebrek aan Goddelike Wysheid en ongeag die beste altruïstiese motiewe, word die nodige resultate eenvoudig nie behaal nie. Hoekom nie? Want daar is geen suksesvolle plaasvervanger vir die wysheid wat God se Woord ons leer nie – hetsy individueel of kollektief.

Hoe leer God ons die wysheid wat ons moet hê? Hy dwing ons nie om dit te kry nie, ons kan self die keuse maak. Wat Hy gedoen het is om ons vir ‘n beperkte tyd hier op aarde te laat leef, met sekere beperkinge en uitdagings in ons lewe. Hierdie tyd moet ons gebruik om Sy Wysheid te bekom sodat ons ons volle erfenis kan opneem. Ons is nog nie so mooi, slim, ryk en magtig soos God vir ons beplan het nie. Met hierdie beperkinge in ons daaglikse lewe, ontwikkel ons Sy Karakter in ons gees deur die wyse keuses wat ons elke dag in moeilike omstandighede moet maak en word ons soos God vir ons beplan het.

In die praktiese toepassing hiervan moet ons as Christene konstant die volgende vrae kan vra: Wat sal God dink van wat ek beplan om te doen? Wat sal God dink is die oplossing vir ‘n bepaalde situasie? Hoe dink God moet ek reageer in bepaalde omstandighede?

Ek vra nie vir myself hoe ek oor iets voel nie, maar hoe God daarvoor voel. *“Wie op homself vertrou, is ‘n dwaas...” (28:26). “Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop. Moenie dink jy het die wysheid in pag nie...” (2:5-8).*

Hoofstuk 2: Alles het begin met Wysheid

Wanneer ons na die skepping kyk, dan moet ons vra: *“Wie het dit gemaak... Wat is sy naam wat is sy seun se naam, sê tog as jy dit weet?” (30:4).*

Nog lank voor God die aarde en alles daarop gemaak het, het Hy Wysheid “gemaak” (8:22-31). In hierdie gedeelte van Spreuke hanteer Salomo Wysheid as ‘n persoon (wat ons reeds weet is Jesus Christus), hy vertel ons dat God nog altyd daar was, nog lank voor alles op aarde gemaak is, en dat Hy Wysheid is – dit is die eerste Naam waaraan God Homself bekend stel.

“Die Here het my (Wysheid) geskep, Hy het my heel eerste gemaak...lank, lank gelede. Ek is lankal daar, voor die tyd gemaak (8:22-24)...Ek het my kennis by hom gekry... (8:30)”; “Ek is gebore voor die Skepping (8:24-26)... en ek was daar toe alles geskep is...(8:27-29) ...ek was elke dag Sy vreugde; die hele tyd het ek dit by Hom geniet. Ek het my verlustig in die wêreld wat Hy gemaak het... (8:30-31) ”.

Alles is geskep met Wysheid, die fisiese sowel as die geestelike wêreld, en daarom reageer die skepping op wysheid. God het ‘n natuurlike orde geskep wat in perfekte sinkronisasie werk. *“Die Here het die fundamente van die aarde met wysheid gelê en die hemel gebou met insig, deur Sy kennis is die groot waters geskei en drup die wolke van vog” (3:19-20).*

Net soos daar seisoene is, het die lewe in alle fasette ook seisoene en in elkeen van hierdie fases is daar bepaalde dinge wat ons moet doen en geestelike groei wat moet plaasvind. Sou ons nie doen wat ons in 'n bepaalde fase moet doen nie, het dit 'n effek op alles wat ons daarna aanpak. Byvoorbeeld, as ons nie leer en ons talente ontwikkel wanneer ons jonk is nie, sal ons dit nie kan gebruik wanneer ons ouer is nie. Dieselfde geld ook vir die tyd wanneer ons met 'n gesin behoort te begin en so kan dit aangaan. Met alles waarmee ons op die oomblik besig is, is daar ook die normale hoogtepunte en laagtepunte. Selfs as kinders van God is ons hieraan blootgestel. Dit is die natuurlike orde van die Skepping. Deur Goddelike Wysheid te bekom, kan ons hierdie orde verstaan en korrek daarop reageer. Die gebrek aan wysheid lei altyd tot wanorde, want dit maak nie saak hoeveel verskonings ons soek nie, die Skepping reageer slegs op Wysheid. Dit was nog altyd so en sal altyd so wees.

Hoofstuk 3: Wêreldse (menslike) wysheid teenoor Goddelike Wysheid

Wanneer ons wysheid bedink, moet ons eerstens die verskil tussen wêreldse wysheid en Goddelike Wysheid bedink.

In Genesis 2:9 lees ons dat : “Die Here God het verder allerlei bome, mooi om na te kyk en lekker om van te eet, uit die grond laat uitspruit, ook die boom van die lewe en die boom van kennis van goed en kwaad. Ons as Christene weet reeds dat Jesus die Boom van Lewe is (*Openbaring 22*) en dat die boom van kennis van goed en kwaad, Satan verteenwoordig. So weet ons ook dat God (Jesus) en Satan beide in die tuin saam met Adam en Eva was (*Esegjêll 28:13*).

Toe die mens voor 'n keuse gestel is, was die keuse nie letterlik tussen 'n appel of 'n peer nie, maar tussen “God se Wil” of die “begeerte om soos God te wees”: “Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee” (*Genesis 3:6*). Vandag nog is dit die keuses waarvoor ons elke dag te staan kom.

Hierdie gebeurtenis is die begin van alle sonde en daarom het ons geen ander keuse as om alle studies van wysheid te koppel aan die simboliek van “die Boom van Lewe” en die “die boom van alle kennis” nie. Ons dade en handelings is die resultaat van die vrugte van ons gees. Die vrugte van ons gees egter is die resultaat van ons karakter – is ons karakter soos Jesus of is dit soos die wêreld? Die vraag is dus, watter boom verteenwoordig ons en van watter boom se vrugte eet ons?

Boom van die Lewe : Goddelike Wysheid

Boom van kennis van goed en kwaad: Wêreldse wysheid

teenoor

Soek allereers die Koningkryk van God.

(Matt. 6:33)

"Ek, Jesus...is die Wortel..." (Openbaring 22:16).

Liefde vir God, dien God en soek Goddelike Wysheid

Om die Here te dien is die begin van wysheid (1:7).

Opreghed, regverdigheid, toegewydheid en goedheid.

"Die wysheid bring 'n ryk en 'n vol lewe. Dit is soos 'n immergroen boom..." (3^o17-18).

Liggaamlike selfbeheersing, gesonde denke, lewendige gees.

"Die vrugte van die regverdige is 'n boom van lewe, hy wen siele en is wys" (11:30). Om met Wysheid te praat is soos 'n boom wat lewe gee (15:4). Die vrugte daarvan versadig jou siel.

Wortel

Stam

Takke

Vrugte

Ek wil my eie god wees.

"... ek word soos die Allerhoogste self" (Jesaja 14:13-14).

Selfsug (vleeslike genot), hooghartigheid (visuele genot) en onafhanklikheid (trots in eie vermoëns).

"Die wêreldse dinge, elke ding wat in die wêreld is – alles wat die mens begeer (die natuurlike begeerte van die mens), alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besittings – kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld." (Johannes 2:16).

Liefde vir plesier, begeerte om ander te beïndruk en strewe na mag oor ander.

"Terwyl daar bittere naywer en selfsug in julle harte is, moet julle nie daarmee spog dat julle wysheid het nie...Dié soort wysheid is aards, sinlik, demonies, want waar daar naywer en selfsug is, kom daar wanorde en allerhande gemene dade (Jakobus 3:15-16).

Liggaamlike vergryping (onsedelikheid, dronkenskap, ens.), sotlike denke (jaloesie, naywer, skinder, lieg, ens) en dwase gedrag (luiheid, rebelsheid, diefstal, moord, ens).

"n Dwaas voed homself met dwaasheid" (15:14). Hy stel nie belang in ander se opinies nie, net sy eie vir hom belangrik. (18:2). Die vrugte wat hy eet is wrang (betekenloos) en hou sy gees honger.

Mense maak elke dag van hulle lewe keuses en besluite gegrond op hul eie behoeftes en begeertes. Ons maak keuses en besluite oor hoe om te kry wat ons wil (moet) hê, hoe om ons eie sake beter te reël, hoe om ons werk beter te doen en so kan dit aangaan.

Die verskil tussen 'n kind en 'n volwassene is die verskil tussen wat ons wil doen en wat ons moet doen. Gemeet aan hierdie maatstaf, bly meeste mense egter kinders en leef 'n lewe van selfbevrediging. God se plan is dat ons groei tot volwassenheid in gees en ons lewens so lei dat ons doen wat ons behoort te doen en nie wat ons wil doen nie. Soos wat ons op hierdie pad van Wysheid vorder, vind ons dat ons eie behoeftes so aangepas het by God se Wil, dat wat ons wil doen, is wat ons behoort te doen.

Jou begeerte moet na God wees:

- Wanneer die begeertes van jou hart waar word, is dit soos 'n boom wat lewe gee (13:12 & 19) Dit is egter belangrik dat die begeertes van ons hart in sinkronisasie is met God se Wil vir ons lewe. "...wat die regverdige begeer, gee God hom" (10:24). "Die regverdige begeer altyd wat reg is" (11:23).
- Versorg jou gees met wysheid sodat jy goeie insig het: "Wie sy vyeboom versorg, sal goeie vrugte hê om te eet"(27:18).

Selfsug (jou eie begeertes) het geen oordeel nie:

- Selfs al sien dwase die resultaat van hul verkeerde begeertes in hulle lewe, het hulle 'n afkeer daaraan om weg te draai van wat sleg is (13:9). Hulle sal eerder iets/iemand die skuld gee vir wat verkeerd gegaan het.
- Die mens wat nie God se wysheid soek nie, sal die vrugte van sy eie optrede pluk en in sy eie planne walg (1:29-31, 13:13; 14:14). "Wat die goddelose vrees kom hom juis oor..."(10:24). Hy kry nie wat hy begeer nie, intendeel, hy word gestraf en kry die slegte gevolge wat hom toekom (11:23 & 31).
- 'n Onversorgde gees is altyd onrustig: verkeerde dinge is sy kos (4:16-17). "Dit is so 'n donker pad dat hy nie eers weet waaroor hy struikel nie" (4:19).

Indien ons daarin kan slaag om ons begeertes reg te kanaliseer, dan word dit 'n nuwe lewenstyl waarvan die resultate voor die hand liggend is – gemeet aan God se Woord. So raak ons deel van “Die Boom van die Lewe” (*Openbaring 22:19*) en restoreer ons in ons eie lewe God se plan vir ons en laat ons God toe om Sy Beloftes te laat waar word.

Ons moet egter verstaan wat die oorsprong van ons begeertes is alvorens dit reg kan kanaliseer.

Hoofstuk 4: Kenmerke van 'n wyse mens

Regverdigheid, opregtheid, toegewydheid en goedheid is die basiese karakter eienskappe wat 'n mens moet hê om wys te kan leef. Hierdie karakter eienskappe is gebaseer om ons behoefte om soos Christus te wees en gesetel in ons begeerte om allereers die koningryk van God te soek .

Die goddeloses en dwase is selfbehep en wil onafhanklik van God leef.

1) Die wyse mens is regverdig, opreg, toegewyd en goed

Die regverdige mens is iemand wat deur God vrygespreek is. Uit genade spreek God ons vry en dra Hy deur die offer van Jesus ons sonde. Met hierdie bevryding kan ons dan voortgaan met die proses van heiligmaking. Hierdie proses geskied deur ons daaglikse handelings en opregte lewenstyl.

'n Opregte mens is iemand wat die regte dinge in die oë van God doen (dit gebeur nadat hy deur God vrygespreek is). *“Om te leef soos die Here dit wil, is die krag van die opregte...”* (*10:29*). Hy leef met oordeel en volg die voorskrifte van God.

Die belofte wat God maak aan die regverdige mens is

- a) dat hy vrede, geluk en voorspoed sal ervaar (*10:28; 13:9; 15:9; 21:21*);
- b) dat hy bewaar (beskerm) sal word (*13:6*);
- c) dat hy 'n doelgerigte/betekenisvolle lewe lei (*11:3*); en
- d) Dat die Here sy pad gelyk sal maak (*11:5*).

Ons as regverdige mense moet egter volhard in ons opregtheid : *“Volharding is wat julle nodig het om die Wil van God te doen en te ontvang wat Hy beloof het”* (*Hebreërs 10:36*). Wanneer ons nie daarin slaag om versoekings te weerstaan nie, moet ons nie die skuld daarvoor by God gaan soek deur te sê dat God ons versoek nie. Dit is ons eie begeertes wat ons laat sondig (*Jakobus 1:13-15*). 'n Regverdige mens wat hom laat verlei, is soos vuil water in 'n fontein (*25:26*).

Ons moet ook nie wonder hoekom God se beloftes nie waar word nie. 'n Algemene verskynsel is dat Christene bid vir wonderwerke, meestal omdat wonderwerke nodig is om die resultate van hulle eie dwase aksies te verander. Dit is baie moeiliker (verg baie meer geestelike energie) om die oorsaak van die probleem te gaan soek, as om van God te verwag om ons te verlos van ons eie dwaasheid. Hiermee word nie bedoel dat wonderwerke nie plaasvind nie, natuurlik gebeur dit elke dag in en om ons lewens. Ons gebede moet egter gerig wees op wat God van ons verwag en nie wat ons van God verwag nie – dit is 'n teken van geestelike luiheid en 'n kenmerk van 'n lewe van selfbevrediging. God se beloftes word waar vir diegene wat volgens Sy Wil lewe. *“Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself. Iemand wat altyd net die woord aanhoor en nooit doen wat dit sê nie, is soos een wat na sy gesig in 'n spieël kyk en dadelik vergeet hoe hy gelyk het”* (*Jakobus 1:22-24*). *“Elke belofte van God is betroubaar; Hy beskerm die wat by hom skuil”* (*30:5*). Die persoon wat nederig is en die Here met respek dien, ontvang Sy onbeperkte Seën (*22: 4*).

2) Praktiese raad oor hoe om daaglikse soos 'n opregte mens te lewe:

- As jy moet verloor, kan niemand dit vir jou teruggee nie. Jy kan net moet deur jou eie geestelike/innerlike kragte kry. Dit is belangrik om moet te hê, want daarsonder kan ons nie die alledaagse lyding hanteer nie. Daarom is dit belangrik dat ons aan ons geestelike krag bou (18:14).
- Onverantwoordelikheid lei tot persoonlike skade. Dit gaan beter met die verantwoordelike mens (28:14).
- Moenie dit wat reg is, probeer verander net omdat dit outyds is nie. “Moenie grense verlê wat lankal daar is nie, wat jou voorouers al vasgestel het nie” (22: 28).
- Deugszaamheid en goedheid gee jou eer wat geen aardse besittings jou kan gee nie (11: 16).
- ‘n Mens met lewensvreugde verhelder die lewens van ander ook, hulle goeie woorde bring vreugde (15:30).
- Mens kan kies tussen bedruktheid (depressie) of vrolikheid. As jy bedruktheid kies, sal jou dae sleg wees, as jy vrolikheid kies, al jou lewe feestelik wees (15:13&15).
- Liefde en trou bring versoening waar daar onmin is (16:6).
- As jy jou ore sluit vir die hulpgeroep van iemand in nood, sal jyself ook nie antwoord kry wanneer jy roep nie (21:13).
- Moenie hulpeloses (weeskinders, weduwees, ens) besteel nie. Die Here sal hulle saak teen jou behartig (23:10-11). ‘n Arm mens wat onderdruk word, kan homself daaraan troos dat die Here dieselfde maatstaf gebruik om hom en sy onderdrukker te oordeel (29:13).
- ‘n Mens se waarde word getoets aan hoe ander mense hom takseer (27:21). Die implikasie van hierdie spreuk is dat dit nie saak maak wat ons sê en weet nie, dit is wat ons doen waarop ons beoordeel word. ‘n Algemene argument wat deur ongelowiges gehuldig word oor die getuienisse van Christene is dat dit geen betekenis het nie omdat die persone wat so getuig (met hulle monde) se lewenstyl die teenoorgestelde wys. Die algemene teen argument van Christene is dan dat ons almal maar net sondaars is. Die waarheid is egter dat so ‘n “sogenaamde” Christen “‘n fontein vol vuil water is” (25:26). Die verlossing deur Jesus Christus maak hom “‘n fontein”, maar hy het geen nut vir die Koningkryk nie, want “sy water kan nie gedrink word nie”.
- God haat onregverdigheid. Moenie die skuldige onskuldig verklaar nie. Moet ook nie die onskuldige skuldig verklaar nie – selfs al gee jy hom net ‘n waarskuwing is dit verkeerd (17:15&26).
- Wees goed vir jou vyand. God sal jou vergoed in so ‘n mate dat dit jou vyand sal laat skaam kry (sit kole op jou vyand se kop) (25:21-22).
- Al die geld in die wêreld is nie soveel werd as ‘n goeie naam nie. Leef so dat jy altyd trots kan wees op jou naam en ander se respek kan verdien (22: 1).
- Bly nederig voor mense wat jou meerdere is, sodat hulle jou verhoog en nie verneder nie. Dit beter dat hulle vir jou vra om in ‘n beter posisie te staan as wat hulle jou vra om plek te maak vir iemand anders in die posisie waar jy staan (25:6-7).
- Moenie hooghartig wees met jou opinies of oor jou regte nie. Almal dink dat hulle reg is, totdat ander die leemtes aan hulle moet uitwys (18:17).
- Regverdige sorg goed vir hulle diere, maar die goddeloses is wreed (12:10).

Hoofstuk 5: Kenmerke van goddelose en dwase mense

Spreuke beskryf ‘n goddelose as iemand wat in sy hart sê dat daar geen God is nie. Maar daar word ook gepraat van daardie mense wat sê hulle glo in God, maar wat leef asof daar geen God is nie en dus dieselfde dinge as ‘n goddelose doen – dit is die dwase mens.

Dit is verstommend met hoeveel “gemak” Christene die gedrag van die ongelowige en die dwase aanvaar. Dit is waar dat ons vir almal lief moet wees, maar wat dikwels gebeur is dat dat ons vir alles lief is. Ons moet die dade van die sondaar verafsku soos wat God dit verafsku (Opnebaring 2:6) en nie hulle lewenstyl aanhang, goedpraat of dieselfde doen nie. In Openbaring 2:14-15 sê Jesus aan Johannes dit wat Hy teen Sy Volk

hou, is dat hulle die leringe van die goddelose aanhang en dieselfde doen (Hy beskryf hierdie leer as afgodsoffers en onsedelike gedrag). 'n Goeie voorbeeld waarmee ons huidiglik gekonfronteer is, is dat die wêreld van ons verwag om onsedelike dade soos homoselsuele gedrag goed te keur "in die naam van ons Christelike liefde vir mekaar". So onsinnig soos wat dit is, sien ons dat wêreldwyd word dit aanvaar deur kerke en Christene en word ons vertel dat ons dit nie mag oordeel nie. Net so vertel die wêreld vir ons dat "losbandig" nie so 'n groot sonde is nie, die effek daarvan kan baie maklik reggestel word met die uitdeel van kondome. Wat ons egter leer in die Woord van God is dat ons die sonde moet haat en verafsku soos wat God dit haat en verafsku en God vertel ons presies wat daardie sonde is.

"Sonde" is nie iets wat God sommer net vir die lekker uitgedink en opgedis het nie – dit is die tipiese gedrag van iemand wat van die verkeerde boom se vrugte eet en die die resultaat daarvan is destrukeif vir homself en almal om hom. Dit verhinder God se plan vir ns lewens en daarom moet ons dit verafsku.

'n Groot gedeelte van 'n suksesvolle lewe as Christen, is die kuns om nie betrokke te raak by die futiele agendas van dwase nie. Elke dag van ons lewe het ons te doen met mense wat wanorde en ongelukkigheid om hulle veroorsaak . Elke dag word ons oortuigings aangeval deur die wêreld, dit moet ons nie verbaas nie (1 Johannes 3:13), want soos wat Jesus ons geleer het: "As die wêreld julle haat, onthou: Hy het my voor julle gehaat. As julle aan die wêreld behoort het, sou die wêreld julle as sy eiendom liefgehad het" (Johannes 15:18).

Ons lees in Spreuke 30:11-14 wie die goddelose en dwase is:

1. Die wat hulle ouers nie eer nie;
2. Die wat hulleself as foutloos beskou, maar steeds vol skuld (vuilheid) is;
3. Die hoogmoedige mens wat vol van homself is;
4. Die hebsugtige, gierige onsedelike en gewelddadige; en
5. Die wat teer op hulpeloses en armes.

Om aan sulke mense blootgestel te word is pynigend en onvermydelik. Ons verweer is dat ons bewus moet wees van hulle tipiese eienskappe en gedrag, dus die onderskeidingsvermoë aanleer om hulle te identifiseer en met wysheid te hanteer. Ons moet hulle kan ag en behandel met dieselfde afsku waarmee God dit doen. Inteendeel God sê dat hy 'n afsku daarin het as ons nie bereid is om hierdie mense se skuld te verklaar nie (17:5).

God se opinie van goddeloses en dwase:

Die Here het 'n afsku aan die volgende mense:

- Verwaande en hooghardige mense (6:17; 16:5; 16:14);
- Mense wat bose planne bedink (6:18; 15:26);
- Mense wat hulle mag misbruik (3:31-32);
- Leuenaars en valse getuienis (6:17; 6:19; 12:22);
- Moordenaars en gewelddadigers (6:17);
- Haatdraendes en rusiemakers (6:19);
- Onregverdige mense (onregverdigheid) (11:1; 17:15; 29:27);
- Valse en onopregte mense (11:20; 20:10; 20:23); en
- Ligsinnige mense (24:9).

Die Here se reaksie op dwase en ongelowige mense:

- Hy verafsku hulle lewenstyl en hulle offers (15:8-9). "Die Here het 'n afsku in die offers van goddeloses, te meer as hulle dit bring met slegte bedoelings" (21:27).
- Hy sê dat Hy selfs hulle gebede verafsku (28:9).
- Hulle sal nie ongestraf bly nie (11:23). God sal iemand stuur om hulle te straf vir hul verkeerde dade(17:11).

- Hulle geniet nie Sy beskerming nie. Daarom moet ons ook nie vir hulle bang wees nie (24:19-20). Hulle sal onverwags tot 'n val kom (28:18), want elke dwaas kry wat hom toekom (26:3).

Die tipiese eienskappe van 'n dwaas:

a) Ligsinnigheid

- Ligsinnige mense is nie opreg in hulle geloof nie en gebruik die Here net wanneer hulle hom nodig het (15:29).
- 'n Ligsinnige slaan nie ag op 'n dreigement/waarskuwing nie. Ons kry waarskuwings oor die vlees (ligaamlike pyne en ongemak), oor ons siel/ verstand (ons beleef nie vreugde en gemoedsrus nie) en oor ons gees (ons beleef nie ware vrede nie). 'n Wyse soek na die oorsake van hierdie waarskuwings en herstel dit, terwyl die ligsinnige dit ignoreer en aangaan asof niks verkeerd is nie (13:1).
- 'n Ligsinnige mens vind slegs vreugde in plesier. Plesier word die belangrikste ding in sy lewe, en hy word verseker armoedig (geestelik, verstandelik en liggaamlik) (21:17).
- Ligsinnige mense maak 'n gewoonte daarvan om te veel te drink en dan almal bloot te stel aan hulle onsinnige grootpraterij. *“Wyn maak jou ligsinnig, drank laat jou lawaai maak; niemand wat van dronkenskap slinger, is verstandig nie”* (20:1; 31:4-5; 23:20-21; 23:29-35). Ons word gewaarsku om ons nie op te hou met suiplappe nie, want hulle is rusiemakers en grootpratery wat geen besonderse bydraes het om te maak nie.
- Ligsinnige mense veroorsaak opstandigheid, want hulle het geen wysheid om aangeleenthede kalm te bedink en te hanteer nie (29:8). Jaag ligsinnige mense en kwaadpratery weg, dit is al hoe die onmin ophou (22:10).
- Ligsinnige mense spot met eenvoudige mense en verlustig hulle in ander se skade. God voel persoonlik beledig deur sulke optrede, want Hy het almal geskape en sal daarom nie sulke opmerkings en gedrag ongestraf laat nie (14:31; 17:5).

b) Haatdraendheid

- Mense met haat in hulle openbaar ook eienskappe soos ongeduld, jaloesie, bitterheid, inhaligheid en humeurigheid. Ons as Christene moet ons harte ondersoek sodat ons nie verskonings soek vir sulke gevoelens nie, maar eerder bewustelik daaraan werk om nie haatdraend te wees nie, want wie sy naaste haat, doen sonde (14:21).
- Jaloesie is niks anders as haat nie. Dit maak mens siek (14:30) en die gedrag wat daaruit voortspruit is vernietigend vir so 'n persoon se naaste want hy weet nie hoe om 'n situasie kalm te bedink nie. *“...sy woede is 'n onkeerbare vloed; teen jaloesie het niemand enige verweer nie”* (27:4).
 - Haatdraende mense ontsien niks nie, hulle sal selfs tot geweld oorgaan om te kry wat hulle wil hê. Hulle sal ook ander mense mislei sodat hulle sy vuil werk vir hom kan doen (16:29).
 - Haat veroorsaak altyd twis (10:12; 13:10).
 - Mense wie se hart vol haat is, het geen medelye nie is ook inhalig. Wat hulle gee, gaan altyd gepaard met slegte bedoelings. Hulle verdien nie 'n goeie gesindheid van ander af nie. Dikwels gebeur dit dat ons in verwondering staan oor die geskenke van slegte mense – God wil hê dat ons dit verwerp, want ons moet nie offers van sulke mense aanvaar nie. *“Moenie sy lekker kos begeer nie; dit kan jou duur te staan kom”* (23:3,6-8).
 - Inhalige mense wil ook gou en maklik ryk word – dit doen hulle gewoonlik ten koste van hul naaste (28:22).
 - Iemand wat bitter is, probeer dit gewoonlik met mooi woorde of korrekte gedrag verbloem, maar die onheil van sy bitterheid word altyd geopenbaar (26:24-26).
 - Die mens wat humeurig is, doen dwase dinge (14:17 & 29). Humeurigheid is dikwels die oorsaak van arrogansie en ongeduld. Sulke mense wil net altyd baklei want hulle verkies onenigheid. Op hierdie manier dink hulle dat hulle beter en sterker lyk as die ander mense om hulle. 'n Opvlieënde mens veroorsaak rusie en doen sonde op sonde (17:19; 29:22). Hy kan nie die gevolge (straf) van sy woede vryspring nie: diegene wat probeer om hom teen hierdie gevolge te beskerm, moet weet dat hulle dit dan oor en oor sal moet doen (19:19).

- Woede en kwaadstokery is nodig om 'n rusie aan die gang te hou. Sonder een van die twee, verloor twis die stryd teen vrede (26:20-21).

c) Kwaadstokery

'n Kwaadstoker is iemand wat onmin saai, leuens vertel en skinder.

- Alles wat die kwaadstoker doen is om vrede en vreugde vir homself te skep, of om homself beter te laat lyk. Hy kan egter net valse vrede en vreugde ervaar, want daar is niks wat dit in stand kan hou nie. Met sy leuens en skindery sal hy altyd voorgee dat hy omgee vir ander, maar sy motief is selfbehepthed (12:20-21).
- 'n Slegte mens word maklik vervang – hy moet nie verbaas wees as mense hom uit hulle leuens skuif nie, want ander mense is bly om van hom ontslae te raak (21:18). Mense kom wel agter wanneer iemand nie betroubaar is nie, want leuens en kwaadstokery kom altyd aan die lig. Dit is net die waarheid wat die toets van tyd kan deurstaan (12:19; 19:5).
- Kwaadstokers getuig graag teen hul naaste en kan dus nie vertrou word nie (24:28). Moet ook nie agter iemand se rug praat nie, want *“so seker soos die wind wolke bring, so seker sal ander mense kwaad word as jy agter hul rug praat”* (25:23).
- Agter die woorde van die leuenaar en skinderbek is daar haat – hoekom anders sal hy lieg of sleg praat van iemand anders? Hy steek dus sy haat agter sy woorde weg (10:18; 26:27). Ons moet ook nie gretig wees om te luister na skinderstories nie – dit is so maklik om dit vir soetkoek op te eet, maar dit is net onregverdige mense wat hou van skinderstories (18:8; 17:4). Onthou dat iemand wat skinder, lap geheime uit en is onbetroubaar, hy las waarskynlik nog 'n klomp leuens daarby aan (11:13). Hy kan ook ewe maklik van jou skinder (20:19), en bring verwydering tussen vriende. Pasop vir sulke slinkse mense (16:28&30; 25:18-20).
- 'n Slegte of oneerlike mens maak altyd of hy alles weet en alles kan doen. Hy verander gedurig van koers en kry baie teenspoed, want sy verdraing van die waarheid bring konstant vir hom moeilikheid (21:29; 17:20).

Die tipiese gedrag van 'n dwaas

- 'n Mens wat goddeloos en/of dwaaslik lewe, maak ander met woorde en dade seer en bring skande oor homself en ander (18:3).
- 'n Arme wat van ander armes steel, verwoes selfs die bietjie wat daar is. Wat het hy in sy dwaasheid gedink kom alles vandaan? (28:3). Daarbenewens is hy so behep met sy eie nood en begeertes, dat hy geen begrip vir ander se nood het nie (29:7).
- 'n Gierige mens sal elke versoeking met albei hande aangryp, want hy kan nooit genoeg kry nie. Hoe meer hy versoekings aangryp, hoe meer versoekings sal op sy pad kom en hoe meer sal hy afsak in die modder *“die doderyk kan nie genoeg kry aan dooies nie en vuur nie genoeg aan vlamme nie. Die gierige is soos droeë grond wat nie genoeg aan water kan kry nie”* (30:15-16). Hy vergryp hom aan die goeie dinge, sonder om te dink aan die gevolge daarvan.
- Onbetroubare mense se beloftes is soos *“miswolke en wind wat geen reën bring nie”*. Hulle spog met wat hulle sal gee of doen, maar kom nooit daarby uit nie (25:14).
- Dwase word maklik deur ander dwase beïnvloed en verlei. Moenie dat hierdie tipe groepsdruk jou affekteer nie. 'n Wyse mens moet hom nie aan dwase steur nie (9: 10-18), want hulle maak gekke van hulleself. Hulle onkunde lei hulle op dwaalspore en omdat hulle net in hulle eie sotlike opinies belang stel, kry hulle nooit beter insig nie. Dit is beter vir 'n dwaas om sy mond te hou, want sodra hy begin praat, kom almal agter dat hy 'n sot is (10: 14; 17:28; 18:2).
- Die dwaas geniet sy skandelige gedrag, (10: 23) en vind vreugde in sy dwaasheid. Hy lag/spog oor sy dwaasheid (15:21).
- Dwase moet ander omkoop om welwillendheid te kry – dit maak hulle belaglik. Tussen mense wat opreg lewe is daar van nature welwillendheid (14:9).

- 'n Dwaas leer moeilik uit sy foute, ongeag hoeveel keer hy gestraf word. 'n Verstandige slaan gou ag op tug (17:10).

Waarskuwings teen dwase (hoe om hulle te hanteer):

- Bo alles moet ons ag slaan op God se waarskuwing dat ons nie ander so moet opvoed (of raad gee) dat hulle ligisnig of goddeloos word nie – dit sal bittere skande oor ons bring (9:7).
- Maar dan waarsku God ook dat ons nie ligsinnige of goddelose mense moet probeer opvoed nie, want hulle sal jou daarvoor haat (9:8).
- *Jy het 'n beter kans op sukses as jy 'n beerwyfie van wie die kleintjies weggeneem is, raakloop as wat jy het om 'n dwaas met sy domheid te konfronteer* (17:12). Wees versigtig om 'n dwaas aan te spreek. 'n Dwaas kan teregwysing nie hanteer nie en sal net verdere onmin veroorsaak (29:9).
- Al koop 'n dwaas wysheid, sal dit vir hom geen nut hê nie, want hy het nie die verstand om dit reg te gebruik nie (17:16).
- Moenie die uitsprake van dwase aanhang nie, dit is van geen betekenis nie (26:7&9).
- Moenie dieselfde doen en sê wat 'n dwaas doen en sê nie, want dan is jy net soos hy (26:4).
- Antwoord 'n dwaas met 'n dwase antwoord, anders dink hy dat sy onsinnigheid eintlik wysheid is (26:4).
- Wysheid is bo die vuurmaakplek van 'n dwaas, hy kan geen bydrae maak in die teenwoordigheid daarvan nie (24:7)
- Om 'n dwaas te vertrou met inligting, of om hom mag te gee, is so goed soos om jouself in die voet te skiet (26:6&8).
- Moenie aan 'n dwaas eer gee nie. Eer en dwaasheid pas nie by mekaar nie (26:1).
- 'n Dwaas val self in die gat wat hy vir ander gegrawe het (26:27).
- Dit vat 'n wyse mens om 'n dwaas te kalm. Dwase kan mekaar nie kalm nie (29:11).
- Daar moet geen simpatie wees vir die moordenaar nie, hy verdien die dood (28:17).

Hoofstuk 6: Hoe kry ons Goddelike Wysheid

Hou jy van die soet smaak van heuning? Dan weet jy hoe lekker dit is om wysheid te besit (Spreuke 24:13).

1. Om God te eer, te dien en te ken is die pad na Wysheid:

Die maatstaf vir Goddelike Wysheid is: “*Wysheid begin met respek vir die Here; wie Hom ken, het werklik insig*” (9:10). In die Nuwe Testament lees ons: “*As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyf. Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie*” (Jakobus 1:5-7).

1) Ons eie vermoëns alleen lei tot wanorde: In Job 28:23 lees ons dat “net God ken die woonplek van die wysheid”. Job het na die wêreld gekyk en erken dat die mens 'n wonderlike vermoë het om die aarde se hulpbronne so te gebruik dat hul voorspoedig word (Job 28: 1-11), maar gevind dat daar steeds 'n gebrek bly aan wysheid en insig (mense leef steeds in sonde en doen steeds sondige dinge soos steel, moord, owerspel, ens) : “*Maar die wysheid, waar word dié gevind, waar is die woonplek van die insig*” (Job 28:12). Job kom dan tot die volgende slotsom: “*Om die Here te aanbid (dien), dit is wysheid, om die kwaad te vermy, dit is insig*” (Job 28:28). Hy kom tot hierdie insig nadat hy gesien het dat die blote vermoë van die mens nie goed genoeg is nie en wanneer ons slegs daarop staatmaak, is die uiteinde altyd wanorde.

Wanneer mense dink dat hulle God se wysheid nie nodig het nie en dat hulle eie vermoëns goed genoeg is, sê God: “*Daarom sal Ek lag as die ongeluk (die wanorde) julle tref, Ek sal met julle spot wanneer die*

angs julle oorval, wanneer die nood en kweiling oor julle kom... *Dán sal julle My roep en ek sal nie antwoord nie, julle sal my soek en my nie kry nie. Julle het...geweier om die Here te dien...julle sal die vrugte van julle optrede pluk en stik in julle eie planne*" (1:28-31). Aan die ander kant sê God: "Dit gaan goed met die mens wat wysheid gevind het, wat insig verkry het, want...wat jy ook al as kosbaarder beskou, niks kan daarmee vergelyk word nie..." (3:13-18).

2) Ons eie ervaring is nie genoeg nie: Die algemeen aanvaarbare argument is dat ons onder andere kan staatmaak op ons ervaring. Hoe meer ervaring ons het, hoe makliker raak dit om die regte besluite neem en die regte keuses te maak. Ervaring alleen het egter sy beperking in die feit dat ons dikwels aan onbekende omstandighede blootgestel word en dan kan ons nie op ervaring alleen staatmaak nie. Ons vind ook dat mense oor en oor dieselfde foute maak want hulle het nie die insig om waarde te skat en gevolge te ontleed nie. "Mense wat ervaring kortkom, sit met hulle eie dwaasheid en glo alles wat vir hulle gesê word" (14:18). Hulle word letterlik aan hulle neuse gelei deur hulle eie begeertes. "n Mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom uitlok en insuig..." (Jakobus 1:14-15).

3) Ons eie insigte is beperk: "Julle onkundiges, hoe lank gaan julle nog vashou aan julle onkunde, gaan die grootpraters hulle praterij geniet en die swape 'n afkeer hê aan kennis? As julle luister na My teregwysing, gee ek julle My wysheid in oorvloed en leer ek julle My woorde begryp" (1:22-23). God sal dat ons die regte insig bekom, en ons beskerm sodat dit behoue bly. Selfs in tye wanneer jou oortuiging aangeval word deur ander, sal God sorg dat hul woorde/pogings geen uitwerking het nie (22:12).

4) Ons moet die keuse maak tussen Goddelike wysheid of ons eie menslike planne (God noem hierdie planne onkunde). As jy die verkeerde keuse gemaak het, sê God dat Hy sal lag as die ongeluk jou tref en die ang julle oorval. Dit is dan wat ons gewoonlik uit desperaatheid roep na God, maar nie 'n antwoord van Hom kry nie, want hy bewaar sy hulp vir die opregtes. God sê dat ons moeg sal word vir ons eie planne, want die vrugte daarvan is walglik.

"Dit is Wysheid self wat roep, dit is Insig wat haar stem laat hoor...Ek roep na julle mense...Dié wat ervaring kortkom, kan verstandig word, dié wat dwaas optree kan insig kry...Elke woord uit My mond kan die toets deurstaan..." (8:1-9).

Daar is net een manier om God se Wysheid te bekom, en dit is deur Hom lief te hê en te respekteer, te dien en te ken. "dit sal goed gaan met die mens wat na My luister, die mens wat elke dag na My huis toe kom en op My drumpel staan en wag" (8:34). "Om die Here te dien is om onderrig te word in wysheid..." (15:33). Ons moet elke dag van ons lewe ons kennis van die Woord toepas deur die regte keuses en besluite wat ons maak. Dit moet ons kan doen sonder om verskonings te soek vir slegte karakter eienskappe soos 'n slegte humeur. Die teendeel daarvan is: "Ek is nader aan 'n dier as aan 'n mens, want ek het nie die verstand van 'n mens nie. Ek het nie wysheid geleer nie, ek ken nie die heilige God nie" (30: 2-3).

5) Ons moet die voorskrifte van God volg. So doen ons dit:

- a) Wees getrou en liefdevol en jy sal guns by mense en God vind (3:3).
- b) Vertrou volkome op God en moenie op jou eie wysheid staatmaak nie, dan sal God jou paaie gelyk maak (voorspoedig) (3: 5).
- c) Moet jou nie verlustig oor jou vyand se val nie. God sal dan ophou om jou vyand te straf (om jou teen jou vyand te beskerm) (24:17-18).
- d) Gee God die eer vir alles wat jy het, en wend dit aan vir sy Koningkryk (3: 9-10).
- e) Aanvaar God se tug, want hy doen dit omdat hy jou liefhet (3:11-12).. As jy Sy teregwysing verwerp dan dwaal jy van die pad af (10: 16 & 17).
- f) Vra vir wysheid en insig, want dit gaan goed met die mens wat dit gevind het (3: 13-20). Dit is meer werd as enige materiële rykdom. Dit maak die lewe meer as net asemhaal. Dis

- skeppend en neem die lewe na hoër vlakke.
- g) Jy moet leuens haat, anders is jy nie regverdig nie (13:5). Die woorde van die regverdige moet geluk en lewe bring, daarom moet dit altyd eerlik en wys wees (10:11&13).
- 6) Ons moet taktvol en met gesonde oordeel optree. As jy dit doen dan (3: 21-26)
- sal jy jou pad veilig loop en nie foute maak nie;
 - jy sal nie bekommernisse hê nie;
 - jy sal nie saam die goddelose in vrees lewe nie; en
 - God sal jou weghou van strikke af, dus Hy sal jou nie aan versoekings blootstel nie en Hy sal jou help om lokvalle betyds raak te sien.

So moet ons taktvol lewe:

- a) Doen 'n weldaad soos nodig wanneer kan. Moet dit nie uitstel nie (moenie wag vir die dag van more om dit te doen nie). Wie hom oor 'n arm mens ontferm, gee 'n lening aan die Here, en die Here sal hom ten volle vergoed (3: 27-28; 19:17). 'n Mens wat 'n weldaad bewys, doen goed aan homself, terwyl 'n hartelose mens deur sy eie toedoen verstoot word (11: 17).
- b) Goddelose mense haat die regverdiges, maar ten spyte daarvan sal die regverdige hom steeds help sodat hy gered kan word (29:10).
- c) Werklik betroubare mense is skaars, al gee almal voor dat hulle betroubaar is (20:6).
- d) Moet geen kwaad teen iemand beplan wat jou hulp nodig het nie (3: 29). Die regverdige mens het 'n afsku aan onregverdigheid (29:27).
- e) Moenie kwaadwillig optree teenoor iemand wat niks aan jou gedoen het nie (3: 30).
- f) Staan jou man as jy reg gedoen het. Dit is net die skuldiges wat hardloop wanneer niemand hulle jaag nie (28:1). Die regverdige sal altyd vas bly staan, terwyl die goddelose geen vastigheid het nie (10: 30).
- g) Die Here verkies dat mense regverdig is en met reg optree, eerder as dat hulle offers bring (21:3).
- h) Moenie 'n man wat sy mag misbruik beny of ook so wil maak nie (3: 31-32). As jy goddelose mense eer, is dit omdat jy die wet van die Here nie onderhou nie. As jy God se wil ken, het jy 'n begrip van wat reg is en sal jy regverdig oordeel en onderskei (28:4-5).
- i) Hou jou woning regverdig. God seën die regverdige (gelowige) woning (huis en gesin) en vervloek die goddelose se huis (3: 33). Die regverdige word geseën en sy nagedagtenis bly voortleef (10: 6-7). Die slegte mens kan nie sy straf vryspring nie, maar selfs die nageslag van die regverdige sal vrygespreek word (11: 21). Dit gaan goed met die nageslag van die regverdige mens. Die regverdige mens stel 'n goeie voorbeeld en leer sy kinders die regte waardes en gesindhede (20:7).
- j) Wees moedig, die normale probleme van die lewe vernietig die goddelose met die tyd, maar die opregte sal altyd weer opstaan. Moenie dat skelm mense jou te veel ontstel nie, God sal Sy lig uitdoof terwyl joune altyd sal brand (24:16&19).
- k) Wees beskeie, want God dryf die spot met die hooghartiges (3: 34).

2. Die daaglikse plan om Goddelike Wysheid te bekom:

Goddelike Wysheid is soos 'n tafel wat oorloedig gedek is en Hy nooi almal om hierin te deel sodat ons verstandig kan word. *“Kom hiernatoe, almal wat nog moet leer! En vir die wat kennis kortkom, kom eet by My, kom drink van die wyn wat Ek reggesit het! Neem afskeid van die onkunde sodat julle lewe kan kom op die pad van die insig”* (9: 1-6).

Dit is nie nodig om vernaam, sterk, ryk of aantreklik te wees nie. Wat jy nodig het is wysheid sodat jy jou lewe reg kan beplan en lei. *“Daar is vier goed in die wêreld wat klein is maar buitengewone wysheid het: miere is nie sterk nie en tog sit hulle in die somer reeds vir hul kos weg; dassies het nie veel krag nie en tog maak hulle hulle tuis teen die kranse; sprinkane het nie 'n koning nie en tog trek die hele swerm in formasie; 'n geitjie kan jy met die hand vang en tog kry jy hom in koninklike paleise”* (30:24-28)

- 1) Hou jou ore oop vir wysheid. Wees in die tipe geselskap en by plekke waar daar met wysheid gepraat word. Mense word maklik verlei wanneer hulle nie hulself blootstel aan genoeg positiewe ervarings, geleenthede of geselskap nie, want hulle gedagtes dwaal doelloos rond soos 'n dwaas (2:2; 17:24). Dit is ook 'n persoonlike uitdaging om in die geselskap van wyse mense te wees, want dan word ons verplig om na ander se goeie opinies te luister en om nuwe insigte te kry. *“Die dwaas stel nie belang in insig nie, hy wil net sy eie opinie bekend stel”*, (18:2) en sal dus verkies om die geselskap van wyses te vermy. Al is jy reeds verstandig, kan jy steeds na ander se wysheid luister sodat jy dieper insig kan bekom (1:5). Hou jouself besig met wyse dinge, want die wat reeds wys is, sal meer wysheid kry om ingewikkelde konsepte te verstaan (1: 5-6).
- 2) Bedink alles en span jou in om te verstaan. *“Span jou in om te verstaan”* (2:2). Slaan ag, sodat jy kan leer wat insig is (4:1). Laat wysheid jou denke bepaal en kennis vir jou iets aangenaams word, dan sal diskresie (oordeelkundigheid) altyd met jou wees en verstandigheid (insig; begrip) jou op die regte pad hou. Jy sal beskerm word teen mense wat die verkeerde dinge verkondig en ook teen diegene wat afdwaal en dan ander mislei (2:10-13).
- 3) Ons moet insig byroep *“Roep insig by, en vra na gesonde begrip”* (2:3). Dit beteken ons moet meer kennis opdoen, meer navorsing doen en meer met ander wyse mense praat. *“Selfs die wyse mense kan na die spreuke luister en so tot dieper insig kom”* (1:5). *“Gee jou aandag aan 'n wyse mens, en hy kry meer wysheid, leer 'n regverdige, en sy kennis vermeerder”*(9:9). *“Ek, Wysheid, het die verstand, ek het die kennis en die skrandtheid”* (8:12).
- 4) Soek Wysheid op 'n doelgerigte wyse, dit kom nie na jou aangestap nie. *“Soek wysheid soos jy silwer sou soek, spoor dit op soos 'n verborge skat. Dan sal jy weet hoe om die Here te dien, sal jy ontdek wat dit is om God te ken. Dit is die Here wat die wysheid gee, Sy Woorde gee die kennis en die insig”* (2:4-6; 4:7-8). Bestudeer die Woord van God – dit is Wysheid.

Soek ons Wysheid soos ons goud en silwer soek? Ongelukkig moet meeste van ons erken dat ons dit nie doen nie. Ons is so besig om te soek na wêreldse goud en silwer (werk minstens 8 ure vir 5 dae per week) dat ons baie min tyd oorhet om na Goddelike Wysheid te soek. Natuurlik moet ons almal werk, want om dit te

doen is ook 'n Goddelike opdrag. Ons moet egter ons prioriteite soos volg verander: *“Wysheid kom eerste...slaan dit hoog aan, dan sal dit jou aansien gee en jou 'n mens van betekenis maak”* (4:7-9). Die bedoeling hier is voor die hand liggend, ons sal meer sukses hê in ons daaglikse aktiwiteite (onder andere ons beroep) as ons in Wysheid handel en besluite maak.

s ons hierdie stappe volg wat God ons gegee het, sal ons harte vol wysheid wees en ons sal geestelik mooi word. Dan sal ons nie verlei word deur verkeerde invloede nie en sal ons met oordeel handel en wandel (2: 10-22).

Hoofstuk 7: Toepassing en benutting van wysheid

1. Gebruik jou wysheid en deel dit met ander mense, dit sal vir jou eer gee (4: 8-9). Die wyse mens het en gebruik kennis, die dwaas maak een fout na die ander (13:16). Die regverdigde en wyse se opinie deurstaan die toets van tyd en reg. Hy word geprys vir sy insig en red ander met hul goeie raad (12: 5-8). *“Luister goed, luister na wat die wyse mense sê; probeer verstaan...want dit is lekker as jy dit ingeneem het en enige tyd kan weergee”* (22:17-18).
2. Haat die verkeerde: Die Here sê dat as jy hom dien (vrees), MOET jy die verkeerde dinge haat. As jy dus nie bereid is om dit te haat nie (dikwels omdat die wêreld sê jy mag nie), dan kan jy nie die Here dien nie (8: 13). Kan ons eerlik antwoord soos ons in hierdie spreuk leer: *“Daarom haat ek hoogmoed en hovaardigheid, 'n verkeerde lewe en slinkse woorde?”* *Wie die geboorte van die Here gehoorsaam, sal die goeie vrugte daarvan pluk. Die wat dit verontagsaam sal die gevolge dra”* (13:13).
3. Lei 'n betekenisvolle lewe: Wysheid sal jou lewensjare vol en lank genoeg maak (4: 10). Ons lees dikwels in Spreuke en ook in die res van die Bybel dat God ons 'n lang lewe belowe. In Spreuke sien ons spesifiek dat ons met wysheid moet leef om hierdie lang lewe te ontvang. As Christene verstaan ons onmiddelik dat 'n lang lewe eerstens die bedoeling van 'n ewige lewe het en dan tweedens 'n “lank genoeg” lewe op aarde om te doen wat God vir ons beplan het. Almal het die begeerte om te kan terugkyk en om te kan sê: *“Ek het gedoen wat ek moes doen vir die Koningkryk”,* maar hoeveel van hierdie begeertes het regtig waar geword of is waar vir meeste van ons? Ploeter ons nie maar soms net aan met ons alledaagse take sonder om ons bestaan te oordink en betekenis te soek nie? Dit is wanneer ons maar net saam met die stroom gaan dat ons so maklik verval in 'n lewenstyl waar net dit wat aantreklik lyk ons aktiveer. *“Daar is 'n lewenstyl wat vir jou reg kan lyk, (as gevolg van jou eie gebrek aan kennis en wysheid), maar die uiteinde daarvan is die dood”* (14: 12;16:25). Om die lewe op hierdie wyse te lei, is betekenloos.
4. Gebruik Wysheid as rigtinggewer: Wysheid maak jou pad meer gelyk (voorspoedig). Met wysheid kan jy vinniger verder gaan, want jy maak minder foute. *“Ek (Wysheid) ...sal jou die regte koers laat loop. As jy loop, sal daar niks struikelblokke in jou pad wees nie, en as jy hardloop, sal jy nie struikel nie”* (4: 11-12). Die voorwaarde vir hierdie belofte is dat ons Wysheid moet ken en leef. *“'n Verstandige mense sien onheil kom en vermy dit; onervare mense (mense sonder kennis) loop oop oë daarin en boet daarvoor”* (22:3). Selfs ons as Christene is geneig om die verkeerde afdraai paaie te neem. Ons moet onderskeidingsvermoë ontwikkel oor die pad wat ons moet loop: “

Moenie agter die goddeloses aanloop nie, vermy die pad van slegte mense...” (4:14-15). Dikwels gebeur dit met ons dat die verkeerde pad so reg gelyk het dat ons voel dat ons onskuldig daarop beland het. Ons moet egter erken dat ons nie onskuldig hierdie verkeerde besluite neem nie. Ons skuld lê in die feit dat ons Wysheid nie gesoek het nie en daarom kon God nie Sy belofte van ‘n pad sonder struikelblokke laat waar word nie. Loop op die pad wat jy weet is reg, en moenie rondkyk nie. Dit wat soms vir jou aanloklik lyk, is nie noodwendig reg nie. “Hou jou oë op die pad vorentoe, moenie dat jou oë dwaal nie. Baken jou koers af, dan sal jy seker wees van elke tree. Moenie links of regs wegdraai nie, weerhou jou van die verkeerde koers” (4: 25-27).

Praktiese wenke vir alledaagse toepassing:

- ❑ Praat altyd die waarheid en kies jou woorde versigtig. ‘n Leuen kom altyd aan die lig, dit kan eenvoudig nie die toets van tyd deurstaan nie. Maak die waarheid deel van jou lewe – “koop dit en moet dit nie weer verkoop nie” (4: 24; 8:7-8; 12:17&19; 23:23).
- ❑ Dit is wys om vriendelik te wees, anders maak jy almal om jou bedruk. Die regte en ‘n vriendelike antwoord op die regte tyd bring vreugde vir die gewer sowel as die ontvanger en bring genesing (12:25; 15:13; 16:24).
- ❑ Dis dwaas om by ander mense se rusies betrokke te raak, want jy pak ‘n saak aan wat jy nie kan wen nie (26:17). ‘n Beter plan is om “‘n beslissing van die Here te vra, so kan rusies besleg word en sterk mense uitmekaar gemaak word” (18:18).
- ❑ Selfs wanneer ons lag in ‘n tyd van hartseer, moet ons besef dat dit nie die verdriet wegvat nie (14:13).
- ❑ Ontwikkel die vermoë om jouself nie te veel daaraan te steur as ander verkeerd teen jou optree nie. As jy aanmekaar daarvoor gaan praat, bring dit baie verwydering tussen jouself en jou naaste (17:9). As jy hierdie vermoë nie ontwikkel nie, raak jy ontoeganklik en veroorsaak altyd rusies (18:19). “Moenie sê: “Soos hy aan my gedoen het, sal ek aan hom doen, ek sal hom terugbetaal vir wat hy gedoen het nie” (24:29). Vertrou eerder op die Here om jou saak te beveg (20:22), die Here verdra nie onregverdigheid en valse maatstawwe nie (20:23).
- ❑ As jy ‘n regverdige oordeel verwag, weet dan dat jou eie verkeerde dade aangespreek sal word in die proses (20:8).
- ❑ Om iets goeds of welwillends te doen vir iemand wat ontsteld / kwaad is, laat die gevoelens bedaar. (21:14). “Liefde en trou bring versoening waar daar verkeerd gehandel is (14:22); kwaad word vermy wanneer daar respek vir die Here is” (16:6).
- ❑ Dit is wys om nie onrealistiese verwagtings te hê nie, want wanneer dit nie waar word nie, raak mens mismoedig. Realistiese verwagtings wat waar word is soos ‘n boom wat lewe gee (13:12&19).
- ❑ Moenie jouself verhef nie, want dan sal jy van jou troontjie afval. Jy sal jou eer in nederigheid vind. ‘n Hooghartige mens is onbemind want hy is verwaand en sy verwaande optrede ken geen perke nie (11:2; 16:18; 18:12; 21:24).
- ❑ Wanneer iemand sy saak stel, lyk hy altyd onskuldig, totdat die anderkant van die storie bekend gemaak is (18:17). Daarom moet ons versigtig wees om nie aantuigings te maak op grond van hoorsê nie, want as dit ‘n leuen is, het jy vir altyd ‘n slegte naam gekry (25:9-10).
- ❑ Moenie stilbly as iemand wat homself nie kan verdedig, aangeval word nie. Maak jou mond oop en lewer regverdige uitsprake sodat reg kan geskied aan die armes en ellendiges (31:8-9). As ongeregtigheid teenoor ‘n ander geignoreer

word, kan die verskoning nie gebruik dat dit niks met ons te doen het nie. God vergeld mense volgens hulle dade (24:11-12).

- ❑ Moenie foute wat jy uit jou eie dwaasheid gemaak het aan die Here se kapstok hang nie (19:3).
- ❑ Moet nie oorhaastig wees om iets aan die Here te wy as jy nie seker is dat jy dit gestand kan doen nie. Jy stel vir jouself 'n strik en sal niemand anders kan blameer nie (20:25).
- ❑ Dit is wys (eerbaar) om 'n rusie te vermy, enige dwaas kan 'n rusie begin (20:3). 'n Rusie begin wanneer ons nie onself kan beheer nie – dit is soos 'n damwal wat breek en die vloed verswelg ons dan (17:14). Om twisgierig te wees, is ook deel van hooghartigheid want ons sien dit as 'n vernedering om “die stryd te verloor” en vrede te maak. Maar ware eer lê in ons nederigheid en lees ons in 17:1 dat “*n stukkie brood met vrede, baie meer waarde het as 'n huis vol kos waar daar gedurig getwis word*” (15:18; 17:19; 26:21).
- ❑ Moet niks oordoen nie / moenie die pap te dik aanmaak nie – dit lei tot ongelukkigheid en dat mense nie meer van mekaar hou nie (25:17).
- ❑ Sorg dat jy wyser word soos jy ouer word, sodat jy eerder 'n gerespekteerde bejaarde is as 'n bejaarde sot/pateet (dra jou grys hare soos 'n kroon) (16:31). In jou jong dae lê jou waarde in jou gesondheid en fisiese vermoëns. Ouer mense se waarde lê in hul wysheid. Leef jou lewe op so 'n wyse dat jy die nodige wysheid sal hê wanneer jy ouer is (20:29).
- ❑ Aardse rykdom en Goddelike Wysheid is nie sinoniem nie. 'n Arm mens met wysheid sien maklik deur die slinksheid van 'n onwyse ryk man (28:10).
- ❑ Daar is onbepaalde versoekings waarvan ons onself moet weerhou. “*Die doderyk en die onderaardse diepte kry nie genoeg aan dooies nie; die mens se oë kry nie genoeg van begeer nie*” (27:20). Die gevaar van toegee aan versoekings is dat daar dan net meer versoekings op ons pad kom en raak dit al hoe moeiliker om dit te vermy of te weerstaan.
- ❑ Elke daad het 'n gevolg – goed of sleg. “*As jy melk karring, kom daar botter; as jy iemand op die neus slaan, kom daar bloed uit; as jy mense kwaad maak, kom daar rusie*” (30:33).

“Ek, Wysheid, is kosbaarder as edelstene; wat jy ook al as baie werd beskou, teen my weeg dit nie op nie” (3:15; 8:11).

Deel 2: Die toepassing van Wysheid in persoonlike verhoudings

Hoofstuk 8 : Verhouding met God

“Die wysheid wat van Bo kom, is sonder bybedoelings...hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God...” (Jakobus 3:17).

Dikwels hoor ons Christene sê dat God op geheimsinnige wyses werk. 'n Algemene opmerking is: “ons verstaan nie altyd die weë van die Here nie”. Die Woord van God beloof ons dat diegene wat Hom soek sal Hom vind. Soos wat ons met wysheid lewe, openbaar God Homself aan ons vir wie Hy is, want Hy wil hê dat ons Hom verstaan. In Jeremia 9:23-24 lees ons dat God sê dat Hy wil hê ons moet Hom en Sy weë ken sodat ons dieselfde kan doen (wat God doen).

In Spreuke 25:2 lees ons dat die Here die waarheid verborge hou, en diegene wat dit ontdek is konings en oorwinnaars. Die implikasie van hierdie spreuk is soos volg: God steek homself weg vir diegene wat Hom nie soek nie, wat beteken dat hulle Hom nie sal ervaar vir wie Hy is nie. Die ander kant is dat diegene wat 'n opregte begeerte in hulle harte het om God te soek, sal Hom vind en en word deur God as konings en oorwinnaars geag – ons beloning is dat God Homself en sy weë dan daagliks aan ons openbaar.

Daar is so baie dinge oor God wat ons kan leer deur bloot die lewe daagliks te ervaar – nie net deur boeke te lees en na preke te luister nie! Deur daagliks die regte keuses te maak en dit uit te voer, leer ons wysheid en leer ons ook God, Sy Natuur en Sy weë ken en bou ons 'n verhouding met God.

Hoe openbaar God Homself

“Die Naam van die Here is 'n sterk vesting; die regverdige vind daar skuiling (18:10). In die Ou Testament wat Salomo tot sy beskikking gehad het (Die Tora), het God Homself geopenbaar aan Israel deur sy besondere verbondsname:

1. Die Here, ons Voorsiener (*Jehovah Jireh Gen. 22:14*)
2. Die Here wat oorwinning gee (Hy beskerm ons) (*Exodus 17:15*)
3. Die Here is Vrede (*Jehovah Shalom Rigters 6:24*)
4. Die Here is altyd daar (*Esegiël 48:35*)

Telkens wanneer God Homself geopenbaar het, was dit wanneer Sy Kinders gereed was om die verantwoordelikheid van hierdie openbaring te dra. Hierdie verantwoordelikheid lê in die opdrag dat ons die getuigenis is van God en Sy Karakter. In Jesaja 43:12 lees ons: “*Julle is my getuigenis, sê die Here, dat ek God is*”. Alvorens ons egter hierdie getuigenis kan wees (hierdie verantwoordelikheid opneem) sê God in Jesaja 43:10: “... sodat julle My kan (leer) ken en in My kan glo en (dan) kan besef dat Ek die Here is...” Ons moet God dus eers leer ken sodat Hy Homself aan ons kan openbaar (ons in Hom kan glo) en dan eers kan ons 'n getuigenis vir Hom wees. Ons kan God slegs werklik leer ken deur Sy Wysheid te soek en deur dit in ons lewe toe te pas, sodat ons ontvanklik kan word vir Sy openbaring aan ons.

In Spreuke vind ons praktiese raad oor hoe ons kan leer om God se openbaring te ervaar aldus die Name waaraan Hy homself bekend gestel het aan Sy volk: Voorsiener, Beskermer, die gewer van ons Vrede en alomteenwoordigende God die Vader.

1. Die Here, ons Voorsiener

- Die Here het diegene lief wat lief is vir Hom en Hy laat hulle mildelik deel(erf) in Sy gawes en Skepping. Met God wat ons bystaan, lei Hy ons nie net op die pad van voorspoed nie, maar belangriker as dit: Hy lei ons op die pad van geregtigheid. “*Waar Ek gaan, is daar geregtigheid*” (8:20). Respekteer God, moenie sonde doen nie, wees wys in jou dade, sodat God Homself as Voorsiener aan jou kan openbaar (8: 14-21) .
- Die implikasie van God se voorsiening aan Sy kinders strek selfs verder as bogenoemde. In 21:22 lees ons ook dat dat die wyse persoon selfs “ 'n stad vol dapper verdedigers kan oorwin en die vesting waarop hulle vertrou kan laat val” . God gee ons dus ook oorwinnings teen ons vyand wat sal maak dat hulle geen weerstand meer het nie, omdat dit waarop hulle valslik vertrou het, deur ons as kinders van God blootgestel sal word as niks werd nie. In Psalm 23 lees ons dat God ons tafel voorberei voor die aangesig van ons vyand. In Sy oneindige Wysheid sal Hy, in stede daarvan om met die vyand weg te doen, Homself so aan ons as Voorsiener openbaar dat selfs ons

vyand hiervoor respek sal kry – dan is ons ware getuieis dat God se Naam Voorsiener is.

- Vra God vir niks meer en niks minder as wat jy nodig het nie. As jy te veel kry, sal jy Hom verloën en as jy te min kry sal jy Sy Naam oneer aandoen en dan sal mense minder respek vir Hom hê (omdat jy dalk sal moet steel om te eet) (30:7-9). Hierdie spreuk is van onskatbare waarde. Die uitdaging wat gestel word is dat ons moet leer om in gebed te vra, God se Wil te ken en ons eie behoeftes onderworpe aan God se Wil moet stel. Dit is meer as net God se Wil vir die oomblik of oor die besondere behoefte(s) van die oomblik, dit gaan ook oor God se totale plan vir jou. Daarteenoor, as ons verkeerd vra, kan ons so maklik teleurgesteld wees omdat ons dit nie kry nie en blameer God dan of wonder hoekom God ons aan al hierdie “toetse” blootstel. Dikwels wonder ons ook hoekom God nie ons gebede verhoor nie. Bedink hierdie spreuk en stel jouself daarop in om deur God se oë na jou lewensplan te kyk.

2. Die Here ons Beskermer

- As jy mense vrees, kan jy in hulle strikke beland. Vrees die Here, Hy sal jou beskerm. Moet jou nie bekommer oor wat mense van jou mag dink nie. Bekommer jou oor wat die Here van jou dink en vertrou op Hom (29:25). Die implikasie van hierdie spreuk is egter meer as net dat ons mense nie moet vrees nie, dit sê ook duidelik dat as ons mense wel vrees, kan ons in hulle strikke beland. Hoekom? Is dit dalk dat ons hulle makliker sal glo (ons onderskeidingsvermoë vir die waarheid sal verloor), of dat ons hulle eer sal gee wat hulle nie toekom nie en dan aan hulle onhanteerbare hoogmoed blootgestel word. Mense is sondaars en het beperkte mag, hulle kan nie met God kompeteer nie. “...*God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?* (Romeine 8:31).
- As die Here tevrede is met jou lewe, sal selfs jou vyand jou nie pla nie (16:7). Dit beteken nie dat ons deur hierdie lewe sal gaan sonder die normale beproewings en wedervaringe nie. Ons word gelouter soos silwer en goud gelouter word en Hy toets in hierdie proses ons gesindheid (17:3). Dit beteken dat jy nie blootgestel sal wees aan die onnodige beproewinge wat deur jou vyand teen jou beplan kan word nie. Lg. is onnodig omdat dit geen bydrae maak tot ‘n helende en doelgerigte lewe nie, dit is beter as dit vermy kan word.
- Die mens wat lewe in die Wil van die Here, vind veiligheid (18:10). Diegene wat na Hom luister sal veilig wees en geen rampe vrees nie (22:12). Wat onder andere met hierdie spreuk bedoel word, is nie dat daar nie rampe sal wees nie, maar dat ons rampe nie sal vrees nie. Hoekom nie? Wanneer ons na God luister deur ons daaglikse doen en late, word ons voorberei op die rampe in die lewe en ewe belangrik is ook dat onnodige rampe ons nie sal tref nie.
- God se beloftes is altyd betroubaar, Hy beskerm die wat by hom skuil, maar moenie God se Woorde verdraai sodat dit jou pas en dan nog steeds Sy beskerming verwag nie - dit sal dan jou straf wees. Jy sal ook voor ander mense in die verleentheid gestel word omdat jy voor hulle ‘n bewering gemaak het oor wat God gesê het (2:7; 30:5-6).
- As mens eers ‘n kind van die Here is, sal jy gestraf word as jy van die pad afgaan. Moenie dan God se straf haat nie, anders sal jy geestelik sterf (15:10). God se straf is om jou te beskerm teen die mag van sonde en sondaars en om jou na die pad van Goddelike Wysheid te lei. In Psalm 23 (1933 ou vertaling) lees ons dat God se stok en staf vertroos ons. Wat ons hier verstaan is dat God se stok(straf) en sy staf(rigtinggewer) neem ons op ‘n pad waar die uiteinde vertroosting is. Die vertroosting is die resultaat van die nuwe wysheid en insig wat ons in die proses ontwikkel het, want God sê dat iemand wat goeie insig (wysheid) het, geniet God se

goedgesindheid (13:15) en God het geen groter begeerte as om vir ons goed te wees en ons te vertrou nie.

3. Die Here is Vrede

- Aardse konings is nie altyd dieselfde nie. Ons weet dikwels wat hulle gaan doen, maar nie altyd wat hulle dink nie. Dit skep onsekerheid by hul volgelinge. God is standvastig en getrou en Hy skep standvastigheid, vrede en vreugde by Sy volgelinge (25:3). Wanneer ons hierdie spreuk lees, kan ons nie die gebrek aan vrede en vreugde om ons ignoreer nie. Hoeveel keer in ons lewe is daar onmin en vrees en ten spyte daarvan sal ons voortgaan om die planne wat ons gemaak het, deur te voer. Ons moet sulke tye vir onself kan vra hoekom daar nie rus en vrede is nie, want daar waar God teenwoordig is, is daar altyd rus en vrede. Hoeveel Christene ken ons (of geld dit vir onself ook?) wat eenvoudig nie 'n getuigenis is vir rus en vrede nie? Vra ons dan hoekom God nie teenwoordig is nie, of aanvaar ons dit bloot as 'n lewenstyl? Ons sien ook hierdie tendens in ons land – God se wette word nie toegepas nie en die land word gekenmerk deur haat, onsedelikheid, moord, geweld en gierigheid van alle soorte...
- God verafsku die lewenswyse van die goddelose en aanvaar daarom nie hulle offers nie. Hy het die lief wat volgens Sy Wil lewe. Vir Sy Kinders gee Hy vrede (15:8-9).

4. Die Here is altyd daar

- Die Here bepaal alles, maak nie saak watter planne jy maak nie. Maak seker dat jy jou besig hou met die dinge wat die Here wil hê jy op daardie oomblik moet doen. God weet van alles. Hy ken jou denke. Hy hou die goeies en die slegtes dop. Niks is vir God verborge nie, nie eens gedagtes nie (5:21; 15:3&11; 16:33; 20:27). Vir die regverdige behoort hierdie wete 'n wonderlike gerusstelling te wees. Hoeveel keer in ons lewe dink ons dat ons niks verkeerd gedoen het, bloot omdat ons daarmee kon wegkom by mense nie? Is dit dan nie onder andere wanneer ons die straf van God nie verstaan nie, want ons dink dan ons het niks verkeerd gedoen nie? Leef ons met gerusstelling dat God alles weet en alles bepaal?
- Daar gebeur baie dinge in jou lewe wat jy nie verstaan nie. Vertrou die Here dat Hy in beheer is (20:24). Die Here sal niks verborge hou as jy dit soek nie, Hy bepaal jou koers. Tydens hierdie soektog na begrip, is dit goed om deurgaans God te vertrou sodat Hy daardie begrip aan jou kan gee.

Hoofstuk 9: Verhouding met myself

Ons opdrag van God is om Hom bo alles lief te hê en om Hom met hart (gees), siel (verstand) en krag (liggaam) te dien (Detronomium 6:5). Die een is nie ondergeskik aan die ander nie.

1. My Hart (gees,karakter)

In die Nuwe Testament lees en leer ons baie van die vrugte van die gees. Die ontwikkeling daarvan kan maar soms met stampe en stote gepaard gaan – meestal omdat ons geestelike wysheid ontbreek. Die praktiese toepassing van geestelike volwassenheid/wysheid, het 'n direkte invloed op ons daaglikse lewe en ons verhouding met ander: 'n (Geestelike) arm mens word selfs deur sy naaste verstoot, terwyl 'n geestelike ryk mens ander na hom toe aantrek. God sê dat 'n arm mens selfs van sy enigste vriend vervreemd kan raak (14:20; 19:4). Al is jy finansiël ryk en suksesvol, 'n geestelike arm mens het meer vyande as vriende.

Voordele van geestelike rykdom en die gevare van geestelike armoede:

- a. Ken God se Woord en wees versigtig wat jy doen: Soms kan 'n lewenstyl vir jou reg lyk omdat soveel ander mense dit ook doen (ook die invloed van die media). Meet dit eers aan die Woord van God, anders loop jy die gevaar dat jy die verkeerde pad onwetend loop en kan dit tot jou geestelike dood lei (14:12; 16:25).
- b. Kry geestelike moed sodat jy moeilike situasies kan hanteer en sodoende geestelike spiere kan bou: As jy weghardloop in 'n tyd van krisis, is dit omdat jy nie genoeg geestelike krag en moed het om dit te hanteer nie (24:10). 'n Gebrek aan moed veroorsaak ook dat ander mense moed verloor. God sê in Deutronomium 20:8 dat jy jousef eerder moet onttrek van 'n situasie voordat jy ander mense ook moed laat verloor. Weet dat God jou kan red in 'n tyd van nood, bly kalm, hou moed en wees wys in moeilike tye (30:5).
- c. Leer om geduldig te wees. Geduld het baie meer waarde as 'n goeie argument. Met selfbeheersing kan jy die moeilikste stryd wen. Bly altyd kalm en wees vriendelik. Dit is makliker om 'n held te wees as om kalm te bly, dit is ewe maklik om te baklei as om vrede te bewaar. As jy nie selfbeheersing het nie, dan is jy weerloos. Dit veroorsaak ook dat jy nie die deursettingsvermoë het om 'n moeilike taak af te handel nie. In Prediker 7:8 lees ons dat 'n voltooide taak baie meer waarde het as een wat pas begin is. Dit geld ook vir geestelike aangeleenthede. Om 'n studie van God se Woord met selfbeheersing en deursettingsvermoë aan te pak en af te handel beteken baie meer as los en vas praat en lees. (16:32; 25:28).
- d. Hou jou gees suiwer: As jy goed met kwaad vergeld, sal die kwaad jou nooit verlaat nie. Moenie elke geleentheid gebruik om mense hul les te laat leer nie – watter waarde is daarin om jou naaste te isoleer? Onthou egter dat soos wat ons daarna streef om die goeie na te jaag, sal die goddelose/ligsinne daarna streef om ons goed met kwaad te vergeld. Hou jousef suiwer en moenie deelneem aan hierdie lewenstyl nie, dit lei tot jou geestelike dood (17:13).
- e. Waak teen die versoeking van sonde : Die grootste gevaar vir 'n mens, is sy eie sonde. Sonde haal mens altyd in (daar is baie probleme op die sondige pad), daarom moet jy jou weerhou van sonde voordat jy op 'n punt kom waar jy nie meer kan omdraai nie. Leef reg en jy sal gelukkig wees (5:22-23; 22:5; 29:6).
- f. Wie kan eerlik sê ek is rein, ek is onskuldig, sonder sonde. Jy moet jousef kan ondersoek, anders sal jy altyd dieselfde probleme hê en dieselfde foute maak.(20:6; 20:9).
- g. Bely jou sonde, sien daarvan af en jy sal genade ontvang. As jy jou sonde probeer wegsteek, kan jy niks goeds te wagte wees nie (jy kan nie vergifnis ontvang by God of mens nie) (28:13). Baie van die teenspoed in ons lewe is die oorsaak van ons pogings om ons verkeerde dade toe te smeer en dan wonder ons hoekom ons so sukkel om voorspoed te beleef. In Psalm 32:3-5 worstel Dawid self met hierdie beginsel en moet hy belei dat toe hy oor sy sonde geswyg het, het die “hand van die Here so swaar op hom gerus” dat hy soos water in hitte verdampt het. Redding het eers gekom nadat hy belydenis gedoen het.

2. My Siel (verstand, persoonlikheid)

Ons denke en aksies word baie beïnvloed deur ons “eie ek” – ons persoonlike voor- en afkeure, ons opinies, ons eie swaarkry of voorspoed, hoe ander mense ons hanteer, ens. Een van die moeilikste struikelblokke om te oorkom is om nie toe te laat dat die oortredinge en/of beledigings van ander ons negatief beïnvloed nie. Wanneer ons nie ons gevoelens en denke kan beheer nie, is daar slegte gevolge op alle ander terreine van ons lewe. Die uitdaging vir 'n Christen is in hoe 'n mate ons daarin kan slaag om soos God oor 'n saak te dink en om dit te

hanteer soos God van ons sou verwag. Hierdie is 'n proses van leer en ontwikkeling wat ons elke sekonde van elke dag moet aanpak.

- Beheer jou denke oor jouself. Dit wat jy van jouself dink, beïnvloed hoe jy oor jouself voel en hoe jy optree (positief of negatief). So sien jy jouself in alles wat jy doen (27:19). Om jou persoonlike begeertes en passies te beheer is noodsaaklik vir die verkryging van geestelike vrugte en die ontwikkeling van die regte verhouding met God.
- Jy moet selfbeheersing hê: As jy nie selfbeheersing het nie, is jy so weerloos soos 'n stad sonder mure. Moenie vir ander wys as jy kwaad word nie, want dan kan jy nie jouself beskerm nie. Al die veglus in die wêreld is nie so sterk soos selfbeheersing nie (25:28; 16:32). "*n Verstandige mens beheer sy humeur en stel sy eer daarin om vergewensgesind te wees*" (19:11).
- Moenie selfsugtig wees nie: Die selfsugtige mens lewe net vir homself – hy luister ook nie na goeie raad nie, want deur goeie raad te volg, beteken dat hy dalk sy behoeftes moet verander en nie kan kry wat hy wil hê nie (18:1). Selfsugtigheid het die gevolg dat ons nie na goeie raad luister nie en ook dat ons nie onself oopstel vir die behoeftes van ons medemens nie.
- Wees realisties in jou verwagtings teenoor ander mense: 'n Mens kan nie van ander verwag om die diepte van jou bitterheid of vreugde te verstaan nie (14:10). Hoeveel keer in ons lewe raak ons nie gefrustreerd met die feit dat mense nie werklik verstaan hoe ons voel nie. Dit is egter 'n onrealistiese verwagting wat maak dat ander ons telkens teleurstel in ons verwagtings. Hierdie teleurstelling lei dikwels tot onregverdigde oordeel teenoor ons medemens en die resultaat daarvan is voor die hand liggend.
- Gee soos God aan ons gee – met liefde: Doen eerder iets kleins met opregte liefde, as groot dade met haat. Om iets kleins te gee met vrede en liefde, het 'n baie beter resultaat as om baie te gee wat met 'n getwis gepaard gaan (15:17; 17:1). Hierdie spreuk lei ons noodwendig na die volgende vraag: slaag ons regtig daarin om met 'n opregte hart te gee in tye wanneer daar tweespalt, twis en haat is? Dit is maklik om te gee wanneer die omstandighede reeds perfek is (daar is reeds baie liefde, vrede en vriendskap), maar dikwels word daar van ons verwag om te gee bloot omdat dit die regte ding is om te doen, nie omdat die ontvanger goed en gaaf is nie. Begin eerder deur "iets klein" te gee en dit met opregte liefde te doen, met die tyd sal ons dan die groot dade ook met opregte liefde kan doen. Die resultaat moet die geestelike waarde van die offer wees, nie die materiële waarde nie.
- Wees vrolik: 'n Vrolike mens is 'n gesonde mens, 'n neerslagtige mens raak maklik uitgeput (17:22; 15:13; 12:25). Ons het dus hier 'n direkte opdrag dat ons nie moet toegee aan selfbejammering nie. Neerslagtigheid veroorsaak negatiewe denke en lewer geen bydrae tot oplossings nie. Aan die ander kant is die gevolg van 'n positiewe en vrolike houding, probleem oplossend. Salamo sê in Prediker 8:1 dat wysheid mens verhelder (bly maak), ons dink meer nugter en het meer moed om die regte ding te doen.

3. My liggaam

In hierdie studie word die volgende twee kenmerke bespreek (dit is die fokus in Spreuke) – eerstens die tong (ons uitsprake) en tweedens luiheid.

Van die grootste skade wat aan ander mense aangerig word, is deur mense se uitsprake (Hieronder val nie net leuens en skinder nie, maar ook manipulasie, verleiding en misleiding). Die teendeel is egter ook waar - ons kan baie geluk, seën en vrede bring deur ons woorde. Dit wat ons sê is meestal die uiting van ons geestelike toestand. Byvoorbeeld, ons word dikwels blootgestel of stel self ander bloot aan die onverantwoordelike uitlatings wat ons maak wanneer

ons kwaad is. Soms word ons almal se bekere geskud sodat almal kan sien wat daaruit spat – gif of liefde.

God waarsku ons ook teen luiheid. Liggaamlike luiheid lei ook tot geestelike en verstandelike luiheid. Ons moet nie net ons liggame gesond hou nie, maar ook ons liggaamlike vermoëns gebruik om te werk hier op aarde – want dit is onder andere hoe ons bou aan die Koningryk. Wanneer ons luiheid bestudeer, dan behoort ons telkens daarin te slaag om na die teendeel te kyk. Ywerigheid het die teenoorgestelde gevolg van luiheid.

Salomo is baie prakties wanneer hy oor hierdie aspekte praat – hy noem nie net wat verkeerd is nie, maar ook wat die gevolge hiervan is.

Ons tong (uitsprake)

- **Hoe oordeel ons die uitsprake van ander:** Die Here het ons die vermoë gegee om die regte dinge te hoor en te sien, want Hy het almal en alles gemaak. Oordeel dus altyd die uitsprake van ander aan die hand van die wysheid van jy van God gekry het (deur Sy Woord te bestudeer) (20:12). Kennis van God en Sy Woord verhoed dat 'n goddelose se roekelose praatjies jou verlei (Bv. The DaVinci Code) God sal die regte insig/begrip wat ons deur Sy Wysheid bekom, beskerm sodat dit behoue bly. Selfs in tye wanneer jou oortuiging aangeval word deur ander, sal God sorg dat hul woorde/pogings geen uitwerking het nie.
- **Hou jou woord:** Iemand wat nie sy woord gestand doen nie, is so goed soos wolke sonder reën – niks werd (12:22; 25:14). Meeste mense gee voor dat hulle “woord” betroubaar is (20:6). Ons weet egter dat dit een van die grootste probleme van ons tyd is, want sou dit waar wees, sou die samestelling van ons samelewing heeltemal anders gelyk het. Dikwels dink mense ook dat omdat hulle regtens (in terme van landswette) daarmee kon wegkom dat hulle nie hul woord gehou het nie, is hulle onskuldig. Ons as Christene wat daarna streef om die karakter van Christus te ontwikkel, moet besef is dat ons vermoë om ons woord te hou, die begin is van ons geestelike ontwikkeling. Hoekom? God het alles met Sy Woord geskep en omdat Hy by hierdie Woord hou, bly alles in stand. Net soos alles tot niet sal gaan indien God sy Woord sou breek, so gaan ons eie geestelike toestand ook tot niet as ons nie ons woord kan hou nie. Waak daarteen dat jy nie net van ander verwag om hul woord te hou nie, maar dat jyself ook joune hou. Moenie dit vir ander mense moeilik maak om hulle woord te hou deur jou eie aksies nie.
- Verder waarsku Salomo ons in Prediker 5:4 dat ons nie dinge moet belowe wanneer ons nog net daarvoor droom nie – word die drome nie waar nie, kan ons nie die belofte nakom nie. In so 'n geval doen ons God 'n oneer aan want ander kan wonder hoekom God dan nie hierdie drome laat waar word het nie. In so 'n geval ontstaan die vraag: Is jou drome en beloftes God se Wil vir jou lewe of is dit geskoei op jou eie behoeftes? 'n Uitdaging wat hieruit spruit is ook dat ons moet leer om die beloftes van ander mense te onderskei tussen hulle onrealistiese drome en die Wil van God. Sou ons van 'n ander persoon verwag om sy beloftes na te kom (woord gestand te doen) wat gemaak is op grond van onrealistiese drome of verwagtings, dan sal ons telkens teleurgesteld wees in die resultaat.
- **Praat met wysheid:** “ 'n Mens vind vreugde daarin as hy die regte antwoord het; wat is beter as die regte woord op die regte tyd?” (15:23). Dit is so goed soos “Goue appels wat in Silwer gemonteer is” (25:11). Baie praat lei tot nikswerd stories en lok sonde aan. Die regverdigde tel sy woorde, want dis baie werd. Dit wat mens sê kan voorpoed en

geluk bewerkstellig. 'n Verstandige mens sê goed wat ander help, nie hinder nie (11:20). Die ligsinnige en ongelowige is aggressief en vernietig sy gees sowel as die van ander (13:2-3). Ons leer hier (10:13) dat wyse woorde die resultaat is van insig. Insig kan slegs bekom word deur kennis. 'n Dwaas word gekenmerk aan sy onkunde, daarom is sy woorde so skadelik en sondig. Sy gedagtenis (alles wat hy dink) is min werd (10:20; 29:21). Die waarde van die regverdige (wyse) se woorde lê daarin dat dit leiding gee, hoop gee en vrede bring. Dit is soveel werd soos die fynste silwer (10: 19-21).

- Nog 'n rede oor hoekom 'n regverdige mense moet let op wat hy sê, is omdat onverantwoordelike gepraters kan lei tot letterlike armoede (bv. Jy kan jou werk verloor). Daarteenoor – deur wys te wees in jou uitsprake maak dat jou lewenstyl meer word as net die vrugte van jou hande arbeid geniet, jy kan dan ook die goeie dinge van vrede, vreugde en liefde daarmee saam geniet (12:14; 13:2; 18:20).
- Moenie oorhaastig 'n oordeel oor ander uitspreek nie – veral nie op grond van hoorsê nie. Maak seker van jou feite, anders verneder jy jouself, en kry jy 'n slegte naam omdat jy so onwys opgetree het om na skinderstories te luister (25: 8-10). Ons moet ook waak daarteen om aannames te maak gebasseer op gedeeltelike inligting. Dikwels doen ons dit omdat ons self te na gekom voel en dan sal ons enige inligting gebruik om 'n saak teen die ander persoon te maak.
- Wees vriendelik teenoor ander mense. 'n Vriendelike woord is goed (helend) vir ander se gees (16:24; 12:18). 'n Vriendelike en kalmerende woord laat ook woede bedaar. Die teendeel is ook waar. God sê skynheilige woorde breek die gees van mense (15: 1, 4 en 18).
- Woorde wat goeie dinge bewerk, is vir God aanneemlik. Hy haat slinkse en bouse planne (15:26).
- Gee en ontvang altyd goeie en eerlike raad: Goeie en eerlike raad is van onskatbare waarde vir die wat wil luister (25:12; 1:8-9). Moenie vir mense net sê wat hulle wil hoor en dit dan onder die vaandel van “goeie raad” doen nie. As jy nie op die oomblik goeie raad het om te gee nie, bly stil en wag totdat jy die wysheid gekry het om dit te doen. Ons leer egter in hierdie spreuk ook dat ons oop moet wees om self goeie raad te ontvang. By wie soek ons goeie raad? Ons word telkens gewaarsku om nie raad by dwase te soek nie – wees dus versigtig vir wie jy om raad vra. Salomo sê in Prediker 7:5 dat dit beter is om vermaan te word deur iemand met wysheid as om deur 'n dwaas besing te word.

Luiheid (versus ywerigheid)

'n Fisiese lui mens is sonder uitsondering ook iemand wat verstandelik en geestelik lui is. Hy gebruik gewoonlik verskonings soos “ek is nie so slim soos ander nie” en probeer altyd die kortpad soek sonder om die ware geleenthede in sy lewe te gebruik (20:4). Hy is ook te lui om raad by ander in te win, dit is vir hom geriefliker om te dink dat hy meer weet as almal om hom (26:16). Klink dit bekend? Die teenvoeter vir luiheid is dissipline en ywerigheid – geestelik, verstandelik en liggaamlik. In Spreuke vind ons die volgende praktiese raad.

- Gebruik die geleenthede en tyd wat jy het en fokus op resultate: 'n Innerlike en wesentlike luiaard (en hierdie twee loop hand aan hand), verwaarloos alles om hom – materiële goed, geestelike groei, verstandelike groei, verhoudings, ens. Hy versorg nie dit wat hy gekry het om te versorg nie en sit graag agteroor. Van nog 'n bietjie slaap en nog 'n bietjie sluimer, verloor jy alles. Armoede sal jou inhaal en jy sal niks kan doen om dit te keer nie (24:30-34).

'n Luiaard gebruik nie die geleenthede wat hy kry nie – hy steek sy hand in die skottel, maar bring dit nie terug na sy mond toe nie (19:24). Hy is ongelukkig as hy nie

gewenste resultate kry nie en maak uitlatings soos “ek kry net nie ‘n goed genoeg kans nie” of “alles (almal) is teen my”. Hy beseft nie dat daar ‘n tyd is om te doen wat gedoen moet word nie –daardie tyd gaan verby en as mens sit en slaap en alles uitstel sal jy nie voorbereid wees vir die toekomstige maer tye nie (6:6; 20:4).

- Wees eerbaar in jou werk: ‘n Lui mens is ‘n ergeis vir sy werkgewer en word nie vertrou nie (10: 26; 13:17; 26:6). So ‘n mens dink so graag dat ander teen hom diskrimineer of dat hulle onrealisties in hulle verwagtinge van hom is, maar hy openbaar geen eerbaarheid wanneer dit kom by die uitvoering van sy take nie. Doen jou werk op die regte tyd, moet dit nie altyd uitstel of stadiger doen as wat jy moet nie. “Die verstandige mens samel sy oes in as dit ryp is; die mens wat oestyd deur slaap, verdien minagting” (10:5).

Die lui mens kry nie status in sy werksplek nie, dit is net die hardwerkende wat in ‘n magsposisie kom (12:24). Die persoon wat in ‘n magsposisie kom waarvoor hy nie gewerk het nie, sal dit ook verloor, want hy sal nie in staat daartoe wees om die nodige resultate te lewer nie. ‘n Magsposisie waarvoor mens gewerk het, is standhoudend, want dit is die beloning vir harde werk. ‘n Posisie op ‘n oneerlike wyse bekom, het geen seën nie, want dit is geen beloning nie (14:23; 21:5).

- Werk vir alles wat jy wil hê: Soos ‘n deur op sy skarnier bly draai (dit kan nêrens anders draai nie), net so bly ‘n luiaard vasgevang in sy omstandighede. Hy is aan die slaap wanneer dinge gedoen moet word en verwag om alles op die maklike manier te bekom. So ‘n persoon is ook geneig om hul verantwoordelikheid op ander mense af te skuif (6:9; 19:15; 26: 14).

Die luiaard begeer baie dinge, maar hy kry dit nie, terwyl die harwerkende kry wat hy begeer. Hy sukkel om vir homself en sy gesin te sorg en begeer die kosbare besittings van die harwerkende (12:27; 13:4; 6:6).

- Werk daaraan om jou probleme op te los: Daar is meer probleme op die pad van die lui mens as op die pad van die flukse. Sy verskoning oor hoekom hy nie sy probleme oplos nie is : “Daar is ‘n leeu daarbuite! Ek kan doodgemaak word as ek dit buite waag” (22:13; 26:13). Hy openbaar geen moed en kreatiwiteit nie omdat hy te besig is na die gevare te kyk. Hy wil geen uitdaging aanpak of ‘n struikelblok oorkom nie. Sy probleme word net al hoe meer, want “n Luiaard se pad is met dorings besaai;...” (15:19).

Hoofstuk 10: Verhouding met ander mense

Ons wysheid en vrugte van ons gees, word meestal getoets deur die verhoudings wat ons met ander mense het. Om reg op te tree teenoor ander mense, verg soms baie liefde en geduld – maar meer as alles verg dit Goddelike Wysheid. Daar is baie kortpaaie (soos woede uitbarstings, leuens en skinder), maar die effek hiervan is altyd ‘n gemors. Hoe maklik is dit werklik om die ander wang te draai? As ons net goed kan wees teenoor diegene wat vir ons goed is, of net vriendelik kan wees teenoor mense wat gaaf is met ons, wat maak ons dan anders as die goddelose? Dit is ‘n uitdaging wat Jesus self aan ons gestel het.

'n Ander uitdaging wat in Spreuke aan ons gestel word is dat ons daaraan moet werk om 'n goeie naam te hê by ander mense, want dit het 'n direkte impak op die gedrag van ander teenoor ons. "n Goeie naam is meer werd as groot rykdom, die goeie gesindheid van ander meer as silwer en goud" (22:1).

10.1. Verhoudings met gesinslede:

a). Tussen man en vrou:

- Geniet jou verhouding, fisies en emosioneel. Moenie jou lewensmaat afskeep nie, want hy/sy is joune en jy deel hom/haar met gaan ander mens nie. Deur fisiese sorg en liefdevolle aandag beskerm jy hierdie eiendom wat God jou gegee het. Jy hou die "walle van jou fontein" sterk sodat jou die water nie oral heen stroom nie (5: 18-20).
- Moenie teen jou lewensmaat oortree nie. Jou oortredings teenoor jou lewensmaat word deur die Here gesien en getug. Dit weerhou jou van 'n sinvolle en gelukkige verhouding met jou lewensmaat (5: 21-23; 15:3). Let op wat jy van jou lewensmaat dink, of wat jy van hom/haar sê – dit bepaal jou optrede en belangriker as alles, selfs al het jy sonder die medewete van jou lewensmaat teen hom/haar gesondig, sal dit nie ongestraf by God bly nie. Stel jouself in op die behoeftes van jou lewensmaat, dit lei tot 'n eerlike en kalm verhouding wat vrede in die huis bewerk.
- Moenie jou huisgesin verwaarloos nie. Die een wat sy huisgesin verwaarloos of skade aandoen, sal "naderhand net wind oorhê". Daar sal geen waardevolle verhoudings meer bestaan nie en dikwels ook geen huwelik/huisgesin nie. Hierdie verwaarlosing is gewoonlik die resultaat van selfsug omdat eie behoeftes en gierigheid voorkeur geniet ten koste van die versorging van die huisgesin. Die party wat verantwoordelik is vir hierdie oortreding, moet ook weet dat hy/sy "die slaaf" van die ander persoon sal word. Hiermee word bedoel dat die oortreder altyd in die slegte lig sal wees en dat die ander party gewoonlik as die meer geseënde en wyse mens anderkant uitkom (11: 29; 15:27).
- Bly getrou aan mekaar. 'n Man/vrou wat sy/haar gesin verlaat, is net soos 'n voël wat sy nes verlaat. Vir 'n voël om sy nes te verlaat, beteken dat hy iets so teen sy natuur doen, dat hy nie meer op 'n natuurlike wyse kan oorleef nie (5: 15-17; 27:8). Die gevolg hiervan is voor die hand liggend – "iemand wat owerspel pleeg, moet van sy verstand af wees, want hy verwoes sy lewe en sal verneder en gestraf word" (6:32-33).

Hier is 'n paar waarskuwings:

- a. Moenie dat die reeds getroude jou verlei met vleitaal nie (6:25; 7:5);
- b. Moenie dat iemand se voorkoms verkeerde begeertes in jou hart sit nie (onder andere pornografie). Dit is die kortpad na ellende en geestelike dood (7:10-27).
- c. Die eggenoot van die owerspelige mag wraak neem, want geen vergoeding is goed genoeg vergelding nie. Moet dus nie verbaas wees as jy slegter daaraan toe is nie, want God sal die wraak van die eggenoot/eggenote gebruik as Sy straf vir jou oortreding (6:34-35).

Raad vir die man:

- Bid vir 'n goeie vrou: 'n Man moet die Here vra vir 'n verstandige vrou – geen mens kan dit vir hom gee nie, net die Here kan. Die man wat 'n goeie vrou kry, geniet die goedheid/guns van die Here (18:22; 19:14; 31:10).
- Wees regverdig voor God: Wanneer God vir 'n man kwaad is, sal hy maklik in die strik van 'n slegte vrou verval (God sal sy oordeëlsvermoe wegvat), en God sê dit sal vir jou soos 'n diep afgrond wees (22: 14). Die Here tug op hierdie manier en dit is so gevaarlik soos "die skerpste swaard" (5:3). Dink ons soms dat daar 'n goeie verskoning is vir egbreuk of sien ons eerder God se afkeur en tug in so 'n situasie raak?

- Wees wys, die gebrek aan wysheid lei tot baie skade: ‘n Man wat homself met prostitute en/of slegte vrouens ophou, verkwis sy besittings omdat hy nie die wysheid gehad het om homself daaruit te hou nie. Besittings is meer as net die materiële, dit is liefde, vreugde, vrede en vriendskap. Hoe dikwels sien ons nie dat sulke mans in hul oudag alleen en verstote is nie. Hulle het dit oor hulself gebring en niemand kan dit vir hulle verander nie. Die teendeel is egter dat ‘n man wat met wysheid leef, maak almal om hom gelukkig en trots en hy beleef voorspoed. “ *Slaan (wysheid) hoog aan, dit sal jou aansien gee. Dit sal jou ‘n man van betekenis maak... Dit sal jou lewe versier, dit sal vir jou ‘n sierlike kroon wees*” (29:3; 4:6; 4:8; 23:15-16).

Raad vir die vrou:

- Wees ‘n trots (kroon) vir jou man: ‘n Vrou wat haar man in die skande steek, mergel hom uit, terwyl ‘n goeie vrou vir hom aansien bring. Hier is twee waarskuwings: Moenie jouself verwaarloos of sleg gedra nie – dit doen jou man ‘n oneer aan; en pasop dat die materiële dinge wat jou man jou kan bied nie so belangrik raak dat jy niks van die ander goeie dinge raaksien nie (11:16; 12:4).
- Versorg jou huishouding met liefde en wysheid: ‘n Wyse vrou bou haar huis deur haar sorg – met liggaam, siel en verstand. ‘n Onwyse vrou breek hierdie drie elemente in haar huis af. Hoe dikwels lees ons nie gediggies en versies oor die baie dinge wat ‘n vrou moet doen nie. Soms selfs met die onderliggende boodskap dat vrouens nie altyd waardeer word nie. Tog, as ‘n vrou hierdie dinge nie kan doen nie, is sy sielongelukkig. Hoekom? Want God het die vrou geskape om ‘n “huis te bou” en te versorg met liefde en wysheid en daarom beleef sy bonatuurlike vrede en vreugde wanneer sy dit kan doen (14:1).
- Moenie neulerig en twisgierig wees nie: ‘n Vrou wat heeldag kla is soos druppende water – sy irriteer almal om haar (19:13). So ‘n vrou maak dat haar gesinslede haar vermy – inteendeel, die raad aan gesinslede in so ‘n geval is: “*Bly eerder eenkant (bo-op die dak of in die woestyn) as onder dieselfde dak met ‘n twisgierige vrou*” (21:9&19). Hoekom sulke drastiese raad? Want ‘n neulerige vrou is onbeteuelbaar. Dis net so goed asof jy probeer om olie in jou hande vas te hou wanneer jy probeer om haar te bedwing. Ignoreer so ‘n vrou sodat sy self tot haar sinne kan kom (27:15-16). Die skade wat ‘n neulerige en twisgierige vrou aanrig is dus nie net aan haar gesinslede nie, maar ook aan haarself.
- ‘n Vrou moet integriteit hê: n Mooi vrou sonder oordeel en integriteit, is net so goed soos ‘n goue ring in ‘n vark se snuit (11: 22). ‘n Vrou se oordeel en integriteit word weerspieël in hoe sy haar huishouding bestuur, haar gesinslede hanteer en in die voorbeeld wat sy stel. Dit vereis dat sy wysheid soek en met wysheid leef. So ‘n vrou word in Spreuke 31:10-31 as die uitmuntende vrou beskryf:
 - a. Sy werk hard vir haar gesin se behoeftes
 - b. Sy maak planne om geld te verdien
 - c. Sy bestuur haar huishouding met sorg
 - d. Sy help armes
 - e. Sy word deur haar man en kinders bewonder
 - f. Sy is nie noodwendig aantreklik nie, haar waarde lê in wat sy doen en beteken
 - g. Sy ken en dien die Here
 - h. Sy is ‘n seën vir haar man en kinders

b) Tussen ouers en kinders

Raad aan kinders:

Die belangrikste wat Spreuke vir kinders leer is dat jy net gelukkig kan wees as jy respek het vir die Here en jou ouers.

- Luister na die raad van jou ouers: Jongmense, luister na en onderhou die leringe en wysheid van julle ouers want dan sal jy as 'n prins van die heelal 'n kroon op jou kop kry. So sal julle 'n behoorlike opvoeding ontvang en 'n sin vir regverdigheid, reg en billikheid ontwikkel. *“As jy aanneem wat jou ouers sê, sal jy insig kry in wat regverdig, reg en billik is en sal jy op die goeie pad bly. Wysheid sal jou denke (hart) bepaal en jy sal leer om kennis te geniet. Jou goeie oordeel en verstandigheid sal jou altyd beskerm teen die woorde en aksies van dwase”* (5:2; 6:20-23).
- Ouers was ook kinders en het baie geleer deur ervaring. As jongmens het jy nog nie die ervaring nie, maar deur jou ouers se goeie raad te volg kan jy leer om met onderskeidingsvermoë op te tree. As jy hierdie onderrig van jou ouers onderhou, sal jy veilig bly – selfs wanneer jy ouer is. Dit is slegs dwase wat wysheid en onderrig gering ag, en dwaasheid sal jou lewe altyd negatief beïnvloed. Sorg eerder dat jy vroeg in jou lewe daardie “krans op jou kop” en “ketting van wysheid om jou nek” kry, sodat jou lewe versier kan bly (1: 3-9; 4: 1-6; 22:6).
- Aanvaar die tug van jou ouers as 'n rigtinggewer vir jou lewe: 'n Kind wat sonder dissipline en tug grootgemaak word, raak 'n verleentheid, want hy ontwikkel geen wysheid wat hom kan rig nie. As kind begin jy jou lewe met onverstandigheid en selfsug, want jy weet nie van beter nie. Vandat ons gebore is (babas is) word alles vir ons gegee soos ons dit wil hê. Soos wat ons opgroei moet ons ouers ons egter leer dat daar sekere reëls is en dat ons sekere verantwoordlikhede het. Dit is nie altyd lekker om dit te leer nie, maar deur ouers se dissipline en tug, word ons denke gelei na die regte rigting en so leer ons dan self om dissipline en wysheid toe te pas. *“'n Pak slae(tug) laat 'n mens ophou kwaaddoen, dit laat jou selfs ophou dink aan die kwaad”* (20:30; 22:15; 29:15). Die voorskrifte van jou ouers is die lig wat jou die pad vorentoe aanwys en lei na 'n sinvolle lewe (4:13; 6:23).
- Eer jou ouers en sorg vir hulle in hul oudag: Al is ouers nie perfek nie, moet jy nooit vergeet dat jy hulle kind is nie. Hulle het lewe aan jou geskenk en daarvoor moet jy hulle altyd eer (23:22). Daar is geen ander verskoning as blote dwaasheid vir 'n kind wat sy ouers nie eer nie (15:20). *“Die oë van 'n man wat met sy ouers spot en vir wie dit benede hom is om hulle te gehoorsaam en te eer, sal uitgepik word deur die kraaie en opgevrete word deur die roofvoëls”*. Hierdie spreuk vertel vir ons dat as ons nie ons ouers eer nie, sal ons denke (hart) die slagoffer word van die goddelose en dwase sodat dit heeltemal deur hulle oorgeneem sal word. Jy sal dan ook nooit in jou lewe Goddelike wysheid kan bekom nie, omdat jy reeds jou denke (hart) afgestaan het aan die die goddelose (30:17; 20:20). Jy word dan soos volg beoordeel: *“'n Kind wat sy ouers mishandel en verstoot, is skaamteloos en veragtelik”* (19:26).
- Wees 'n eer en 'n trots vir jou ouers: Wanneer is ons 'n skande vir ons ouers? In Spreuke leer ons dat ons 'n skande vir ons ouers is, wanneer ons:
 - a. *Ongemanierd is.* Dit is nie net die gebrek aan goeie maniere teenoor ander mense nie, maar ook teenoor ons ouers. Hoe praat jy met jou ouers? In hoe 'n mate stel jy eise as gevolg van jou eie selfsug? (17:21).
 - b. *Onverstandig is.* Dit beteken dat ons nie daarin kon slaag om al die goeie raad en kennis tot ons beskikking te gebruik om die regte dinge te doen nie. Jou gedagtes dwaal dan doelloos rond en veroorsaak 'n ergenis en verdriet vir jou ouers (17:24-25). Wanneer ouers jou naderhand nie meer kan vertrou of

verdedig nie, moet jy dan weet hoekom – hulle raak moedeloos (19:27). Ons lees ook in Spreuke dat “*n kind wat bereid is om wysheid by sy ouers te leer, stel sy ouers in staat om hom altyd te verdedig*” (27:11; 10:1).

- c. *Oneerlik is*. Moenie jou jeug gebruik as ‘n verskoning vir oneerlikheid of onregverdigheid nie (20:11). Moet ook nie dink dat oneerlikheid teenoor jou ouers meer vergeeflik is nie. Wie van sy ouers steel, is net so ‘n groot dief as enige ander dief (28:24).

Raad aan ouers:

- ‘n Ouer wat sy kind liefhet, sal hom dissiplineer. In hierdie spreuk word ouers gekonfronteer met die diepte van hul liefde vir hul kinders, want dit sê ook dat “*Wie sy kind nie straf nie, het hom nie (waarlik) lief nie*” (13:24). Liefde vir ‘n kind is definitief vanselfsprekend, dit moet egter verder geneem word waar hierdie liefde omgesit word in “werk” – die neem van die verantwoordelikheid om deur tug rigting te gee sodat kinders nie op die verkeerde paaie afdwaal nie. Dit verg tyd, aandag, wysheid en selfdissipline (23:13-14; 29:17). As ons bely dat ons die begeerte het om die karakter van God in onself te ontwikkel, dan moet ons ook kan maak soos God maak. Hy straf die mens wat hy liefhet, want daardeur help Hy ons reg. So moet ons ook met ons kinders maak (3:11). Hierdie verantwoordelikheid gee ouers egter nie die reg om onbillik teenoor hul kinders op te tree nie. Wees streng met jou kinders, maar bly altyd billik en moet hulle nie domineer of skade aandoen nie (19:18).
- Kinders moet trots op hulle ouers kan wees (17:6). Ouers moet let op die voorbeeld wat hulle aan hul kinders stel. Tree met wysheid op sodat kinders daardie voorbeeld kan volg. ‘n Dwase ouer maak sy kinders skaam en rigtingloos. Die bekende spreekwoord van “Maak soos ek sê, nie soos ek maak nie” is in direkte teenstelling met wat God ons in Sy Woord leer en daarom kan dit geen goeie gevolg hê nie.
- Bemagtig jou kinders met kennis, begrip en wysheid: Moenie slegs aan kinders vertel wat hulle moet doen sonder om hulle met die nodige kennis te bemagtig nie. Sonder kennis ontwikkel hulle geen begrip nie en kan hulle nie met oordeel en wysheid leef nie (5:1-2). Dit is ouers se verantwoordelikheid om self kennis op te doen en dit toe te pas, sodat hulle dit met hulle kinders kan deel. Leer jou kinders die waarde van liefde, lojaliteit en waarheid sodat hulle guns in die oë van ander mense en God kan kry. Hulle het dit nodig om sukses te behaal (3:1-4).

10.2 Verhoudings met vriende en kennisvriende en kennise:

Ons word geken aan ons vriende. Moenie slegte vriende hê en deur hulle beïnvloed word om verkeerde dinge te doen nie, want hulle geluk lê in ander mense se ondergang. Hulle wandel so in die donker dat hulle nie eers weet waaroor hulle struikel nie (hulle weet nie eers wat hulle verkeerd doen nie). Regverdige vriende is “*soos die lig wat vroegoggend opkom en sterker word deur die dag*”. Hulle is betroubaar en altyd daar om te help (4: 14-19; 17:17; 18:24). Luister na die raad van die Here, sodat jy met oordeel keuses kan maak met die aanknoop van verhoudings en vriendskappe.

Waak teen die volgende:

- Bly weg van hartelose mense af (mense met swak persoonlikhede en ‘n goddelose lewenstyl). Ons het almal beperkte tyd op hierdie aarde en daarom moet ons reeds van jonks af leer om nie ons kosbare tyd te verspil met sulke mense nie. Die resultaat van so ‘n vriendskap is dat ons uitgebuit word en dat ander “hulleself vol eet aan die vrug van

ons arbeid” en wegstap met ons hardverdiende loon. Dit bring nie net ellende in jou lewe nie, maar ook verleentheid (skande) want jy het nie na die goeie raad van ander geluister nie en jousef daarom in groot moeilikheid gebring. Slegte mense kan selfs konings tot ‘n val bring, moenie hulle invloed op jou lewe onderskat nie (5: 7-14; 31:3).

- Pasop vir mense wat onnodige vleitaal gebruik. Daar is mense wat goed is daarmee om met hulle mooi woorde en “tong gladder as olie” baie skade aan te rig, want hulle het besondere ooredingsvermoë en sê daardie dinge wat ander mense graag wil hoor. Dit klink dalk soos soet heuning op die oomblik, maar agterna is dit so bitter soos wildeals. Hulle laat by jou persepsies wat jou laat dwaal en jy besef dit gewoonlik te laat (5: 3-6). Pas ook op vir daardie mense wat die regte paaie verlaat om die verkeerde dinge te doen want hulle soek verskonings vir verkeerde dade en laat dit altyd beter of minder sondaar lyk as wat dit is (2:13-15).
- Waak teen groepsdruk. Moenie toelaat dat iemand se slinkse planne jou beïnvloed om daaraan deel te neem nie. Geldgierigheid, oneerlikheid, steel en onregverdige selfverryking is die tipiese gedrag van die goddelose. Dikwels sal hulle jou lok met beloftes van mededeelsaamheid en ‘n gevoel van samehorigheid (hulle vriendskap is van korte duur en dan is jy maar weer alleen). Waak om saam met hulle op die pad van selfvernietiging te stap, want hulle val in die gat wat hulle self gegrawe het en jy wil nie ook in daardie gat val nie (1: 10-19). Meet alles aan die Woord van God, want dit is waar jou ware vreugde lê. In Psalm 1:1 lees ons: “*Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie...maar wat in die Woord van die Here sy vreugde vind*”. Oordink die Woord van die Here elke dag van jou lewe en jy sal voorspoedig wees in alles wat jy aanpak.
- Moet jou nie ophou met suiplappe en vrate nie. Suiplappe en vrate is/word arm (in vlees en gees) want terwyl hulle dronk lê kan hulle hulle tog niks van waarde doen nie. Hulle geselskap is ook van geen waarde nie, want ongeag al die lawaai wat hulle maak, bly dit ligsinne en dwaas (20:1; 21:17; 23:19-21; 23:29-35; 31:5).
- Moenie slegte mense beny nie. So dikwels in hierdie lewe sien ons dat dit goed gaan met slegte mense en wonder ons hoe hulle dit regkry. God sê egter ons moet hulle nie beny nie – ook nie wat hulle het nie. Hulle voorspoed is van korte duur, want al kon hulle met hulle slinkse planne dit regkry om “‘n huis te bou”, sal daardie huis nie vol kan bly en vir altyd staan nie. “*Daar is verstand nodig om ‘n huis te bou, insig om sy fundamente te lê (slegte mense het nie insig nie) en kennis om sy kamers te vul*”. Die Here het ‘n afkeur in mense wat hulle mag misbruik en sal hulle nie beskerm nie. Sy vloek rus op die huis van die goddelose. Behou ten alle tye jou ontsag vir die Here, dan sal Hy jou huis sien en die hoop sal jou nooit beskaam nie (3:31-33; 15:9; 23:17; 24:1-2).

Kenmerke van ‘n goeie vriendskap:

Ons leer in Spreuke dat ons altyd kan reken op die liefde van ‘n goeie vriend (17:17). Die uitdaging is om ‘n vriend te wees op wie se liefde altyd gereken kan word. Dit kan ons doen deur die volgende:

- Gee eerlike en wyse raad: In Psalm 141:5 sê Dawid: “*‘n Regverdige kan my in liefde slaan en tereg wys, maar van die goddelose sal ek nie eens gasvryheid aanvaar nie...*” Wanneer ons werklik lief is vir ‘n vriend of vriendin, dan is een van die maniere waarop ons dit kan wys, deur eerlike en wyse raad te gee. Soms is dit baie moeilik om eerlik te wees, veral wanneer ons weet dat dit wat ons moet sê, is nie wat die ander party graag wil hoor nie. Ons is ook dikwels bang dat die ander party ons sal verstoot of sal dink

dat die vriendskap nie so waardevol is nie. Onthou egter, dat *“liefde bedek alles wat aanstoot gee”* (10:12). Dit is beter om iemand openlik te straf (aan te spreek) as om hom te laat voel dat jy nie genoeg omgee nie. *“Op ‘n vriend wat jou (met goeie raad) seermaak, kan jy reken, iemand wat jou haat, is oordadig met sy soene”* (27:5-6). Wie iemand tereg wys, word gewoonlik eers later bedank wanneer die resultate daar is (28:23). As jy vir iemand ‘n kompliment gee (onnodige vleitaal gebruik) wat hom nie toekom nie, lei jy hom eintlik in die afgrond in (25:28; 29:5). Jy word wel op die oomblik bedank, maar sodra daardie persoon beland in die strik wat jy vir hom met jou vleitaal gestel het, sal die vriendskap ook nie meer waarde vir enige party hê nie.

- Soek raad by ‘n regverdige vriend: *“Die regverdige laat sy pad vir hom wys deur ‘n vriend, die goddeloses verdwaal op die pad wat hullself kies”* (12:26). Om raad by die verkeerde soort “vriend” te vra, is dwaas – hy kan jou soveel skade aanrig dat dit jou sal breek (18:24)). ‘n Ware vriend se goeie raad is van onskatbare waarde. Salomo stel dit baie mooi: *“Reukolie en wierook is iets om te geniet, maar die genot van vriendskap lê in die raad wat jy kry”* (27:9).
- Toon waardering: Moenie jou rug op ‘n goeie vriend draai ter wille van familie nie. ‘n Vriend wat na aan jou is, beteken vir jou meer as familie wat min met jou te doen het (ver van jou is) (27:10). Ons leer hier dat ‘n goeie vriend dieselfde, en soms meer, waarde het as familie. Alles wat God ons dus leer oor hoe om ons familie te hanteer, geld dan ook vir vriendskappe. Waardeer dus jou goeie vriende op dieselfde wyse as waarop jy jou familie waardeer. Onthou egter, dat jy dit ook vir jou vriende moet moontlik maak om jou op daardie wyse te waardeer. Jy moet so lewe dat mense trou en lojaal aan jou wil bly, want jy het hulle nodig om sterk te bly staan (20:28).
- Bewaar die vrede in jou vriendskap: *“‘n Verontregte broer is ontoegankliker as ‘n vestingstad; rusie is soos ‘n fort wat toegesluit is”* (18:19). Pasop dat jy nie jou vriende te na kom en verontreg nie. Indien wel, moet dan nie verbaas wees as jy nie meer toegang tot so ‘n persoon het nie. ‘n Rusie is die sleutel is wat ‘n verhouding toesluit.

Hoofstuk 10: Verhouding met jou omgewing

“Sit eers jou werk buite aan die gang en bewerk jou lande, daarna kan jy jou huis gaan bou” (24:27).

Alle mense is deel van ‘n omgewing en ‘n groep. Op makrovlak is almal deel van ‘n staat, sowel as ‘n spesifieke samelewing wat deur ons geloof, taal en kultuur bepaal word. Christene spesifiek is sterk betrokke by die kerk, by onderwys en ander belangegroepes wat hulle beslag kry in hul spesifieke waardestelsels. Daarbenewens is hulle ekonomies aktief en dus deel van spesifieke beroepe en werkgroepe.

Op mikro vlak is almal deel van ‘n gesin, verhoudings en vriendekringe.

Elke groep het ‘n geestelike karakter en word geken aan die wysheid of onwysheid van die leier of leiers van die groep. So ook word elke groep geken aan sy regverdige of onregverdige reëls en dade, sowel as die handelings van sy lede.

In hierdie hoofstuk word daar baie verwys na samelewing, volk, koning en werkgewer. Die riglyne wat hier uiteengesit word ten opsigte van hoe ‘n samelewing of volk moet optree, sowel

as hoe 'n koning moet regeer en 'n werkgewer moet bestuur, is van toepassing op alle groepe en alle individue soos hul in leierskaps- en bestuursrolle staan.

<u>'n Volk/groep wat God se Wil ken en Sy gebooie onderhou:</u>	<u>'n Volk/groep wat die Wil van God nie ken en nie sy gebooie onderhou nie:</u>
<ul style="list-style-type: none"> ○ “Gehoorzaamheid in die Here laat 'n volk sterk staan (14:34; 8:32; 19:18). Dit is 'n doelgerigte volk wat vir die toekoms kan beplan. ○ Word geëer. “n Stad juig oor die voorspoed van regverdiges... 'n Stad kry 'n goeie naam wanneer die opregte mense dit prys” (11:10-11). ○ Het 'n afsku aan goddelose gedrag en sal dit beveg (28:4). ○ Laat reg geskied : “As daar reg geskied, is mense wat reg doen, bly...”(21:15). Hulle het 'n regverdige regstelsel, geskoei op God se Woord want hulle weet dat “die norme vir die regspraak kom van die Here af; Hy bepaal die maatstawwe” (16:11). 	<ul style="list-style-type: none"> ○ Raak wild, onbeteuelbaar en sonder koers (29:18). Hulle het nie goeie leiers nie en “Sonder oorwoë leiding, stort 'n volk in duie...”(11:14). ○ bring skande oor hulself. “...sonde bring skande oor 'n volk (14:34). Hulle word ook net geprys deur ander goddeloses, wat die skande groter maak (11:11). ○ Praat met lof van goddelose mense. Hulle sal eerder eer gee aan goddeloosheid, as om dit te beveg (28:4). ○ Waar reg geskied is “... die wat onreg doen, ontsteld” (21:15). Hulle is inkonsekwent en handhaaf dubbele standaarde (11:1). “Die Here het 'n afsku van mate en gewigte wat nou sus en dan so is” (20:10).

10.1 God se oordeel oor goddelose volke/groepe:

- a) Goddeloses sal ondergaan, want hulle bewerk hulle eie ondergang, en dan sal die regverdiges die mag oorneem en vooruit gaan (28:28), want “Die regverdige kry hier op aarde wat hom toekom; net so seker die goddelose en die sondaar” (11:31; 11:27).
- b) Die Here die Almagtige sê verder oor die goddelose volke: “Laat hulle maar bou, Ek sal weer afbreek. Hulle sal bekend staan as die goddelose land, die volk op wie die Here se toorn vir altyd rus” (Maleagi 1:4). Die verwagtings wat hulle gebou het op grond van hulle eie mag, verdwyn in elk geval wanneer hulle sterf (11:7).
- c) Wanneer die regverdige uit sy nood bevry word, tref daardie nood die goddelose – die goddelose neem die regverdiges se plek in (11: 8), want God sê die goddeloses tart hom deur te dink dat hulle self so sterk was om die regverdiges in nood te dompel. As hulle wysheid gehad het, sou hulle geweet het dat dit die Here is wat hulle gebruik het en sou hulle ook geweet het wat hulle uiteinde gaan wees (Deutronomium 32:27-29).
- d) Die goddelose en sy nageslag verdwyn met die tyd. Die regverdiges se nageslag word groot (14:11). Die rede hiervoor is:
 - i. dat die regverdiges vir hulle nageslag 'n erfenis laat wat beskerm word deur God se vryspraak (11:21; 20:7);

- ii. dat die besittings van die sondaar in die hande van die regverdiges beland, omdat hulle dit nie behoorlik bestuur en oppas nie (13:22). “...die skatte van die nasies kom in jou besit...So vermeerder Ek die roem van die huis waar Ek geëer word” (Jesaja 10:4-7); en
- iii. wanneer God te voorskyn kom (die gebeur wanneer Sy kinders volgens Sy Wil begin leef), dan vlug die goddeloses volke en spat goddelose nasies uitmekaar (Jesaja 33:3).
- iv. “Die nagedagtenis van dié wat reg doen, leef voort; die naam van dié wat verkeerd doen, word gou vergeet” (10:7).

10.2. Die hantering van outoriteit

1. Raad aan regeerders en mense met outoriteit:

“Die Here is ons Leidsman (Regeerder), die Here is ons Koning...” (Jesaja 33:22).

- “n Volk juig as regverdige mense regeer...” (29:2). ‘n Regeerder wat Goddelike Wysheid het
 - a) Besef dat God vir hom sy mag gegee het (8:14) en dat “Die wil van die koning staan onder die gesag van die Here; soos ‘n stroom water lei Hy dit net waarheen Hy verkies” (21:1).
 - b) Hy maak nie foute in sy uitsprake nie, want hy praat met Goddelike gesag (16:10-11). “Met my hulp regeer konings goed en laat maghebbers reg geskied; met My hulp heers die mense wat mag het, die leiers, elkeen wat reg regeer (8:15).
 - c) Hy regeer met goeie oordeel (8:15), want hy het ‘n afsku aan verkeerde dade en daarom is sy troon deur regverdigheid bestendig (16:12; 20:8; 19:4).
 - d) Sy eie dade is ‘n voorbeeld, hy praat nie net en doen niks nie. “Met woorde alleen laat ‘n slaaf hom nie waarsku nie; hy verstaan wat jy sê, maar hy reageer nie” (29:19).
 - e) Hy behou sy mag omdat hy bestendig is en uitbuiting haat (28:16). “As daar opstand is in ‘n land, is daar baie wat na mag gryp (wat die regeerders wil opvolg); as daar iemand met wysheid en kennis is, bly hy lank aan die bewind” (28:2).
 - f) Die land beleef voorspoed want die hulpbronne word behoorlik bestuur en regverdigheid vind plaas (13:23,25).
- “‘n volk sug as goddelose mense aan bewind is” (29:2). Kenmerke van ‘n onregverdige regering:
 - a) Waar goddelose mense regeer, floreer die sonde (29:16);
 - b) Daar is nie regverdige regspraak nie (22:22-23); “‘n Regter wat ‘n skuldige onskuldig verklaar, sal deur deur die hele bevolking vervloek word en deur al die nasies verwens word...” (24:24).
 - c) Mense word ingedoen, vertrap (22:22-23) en onderdruk, want ‘n heerser wat onverstandig is, is geneig tot verdrukking (28:16). “‘n Brullende leeu, ‘n beer wat wil aanval, so is ‘n goddelose regeerder oor ‘n weerlose (arm) volk” (28:15).
 - d) Die land word geruïneer (geplunder), want vir sondige regeerders is hul eie finansiële voorspoed en plesier belangriker as die bestendigheid van

- hulle troon (29:4; lees ook 1 Konings 12:14-15)). *“Ellende wag vir die land waarvan ‘n slaaf koning is en waar amptenare vroeg in die dag begin feesvier”* (Prediker 10:16).
- e) Omdat daar nie behoorlike wet en orde is nie, word die land se hulpbronne nie behoorlik bestuur of benut nie, wat tot armoede lei (13:25). *“Grond wat die eerste keer geploeg is, lewer genoeg kos vir die armes, maar waar daar nie wet en orde is nie, word die kos van hulle weggevat”* (13:23).
 - f) Almal is later skaam oor hulle regeerder(s), want daar is min om op trots te wees. Mense raak bang en kruip weg (28:12).
 - g) Ongeregtige regeerders se planne werk nie uit nie. Hulle saai onreg en maai teenspoed. *“‘n Koning wat onreg saai, sal teenspoed oes; daar sal ‘n einde kom aan sy hartvotige heerskappy”* (22:8).
- As jy suksesvol wil bestuur,
 - a) Raak dan ontslae van die goddeloses, anders gaan jy nooit in jou doelwitte slaag nie. *“As jy die onsuiverheid uit die silwer haal, kan die smid iets van die silwer maak. As jy die goddeloses by die koning wegvat, kan hy regverdig bly regeer* (25:4-5).
 - b) Moenie jou onderdane bederf nie (hulle dus nie toelaat om te kry wat hulle nie verdien nie). Dit lei tot rebelsheid en ondankbaarheid (29:21).
 - c) Moenie jou werkers te min betaal nie, onthou dit is *“‘n werker se honger wat hom motiveer om te werk, sy behoefte aan kos dryf hom”* (16:26).
 - d) Moenie ‘n dwaas in diens neem nie, hy veroorsaak jou net skade. *“‘n Boogskutter wat nie omgee wie hy raaskiet nie, so is iemand wat ‘n dwaas of sommer ‘n verbyganger huur”* (26:10). Indien jy ‘n dwaas in diens neem, wees gewaarsku dat iemand wat sy werk nie behoorlik doen nie, is ook geneig om skade aan te rig/af te breek. *“Een wat nalatig is met sy werk en een wat alles afbreek, is tweelingbroers”* (18:9).
 - e) Moenie aandag aan leuens en skindery gee nie, anders het jy later net goddeloses in jou diens (29:12).
 - f) Soek eerbare en betroubare werkers, hulle bring voorspoed (13:17; 26:6). *“Soos die verkoeling wat in die oestyd deur sneeu gebring word, so is ‘n betroubare gesant vir dié wat hom gestuur het; hy gee dié in wie se diens hy staan, nuwe moed”* (25:13).

2. Hoe om op outiriteit te reageer:

- Weet dat die Here jou heerser is. Moenie dit ondergeskik stel aan die guns wat jy by jou heerser/werkgewer soek nie. *“Almal soek die guns van die regeerder, maar it is net die Here wat werklik aan ‘n mens reg laat geskied”* (29:26; lees ook 19:6).
- Dit is wys om in die goeie boeke van jou heerser/werkgewer te bly (16:15), want sy woede kan baie skadelik vir jou wees (16:14; 20:2). *“‘n Koning se woede is soos die brul van ‘n leeu, en sy goedgesindheid soos dou op die gras”* (19:12). Moet ook nie te voortvarend (arrogant) wees nie, jy is nie die een wat die reëls neerlê nie (Prediker 8:3).
- *“Met geduld kan iemand in ‘n magsposisie tot ander insigte gebring word; met ‘n versigtige benadering word weerstand afgebreek”* (25:15). Dink dus eers alvorens jy reageer – wees versigtig. Moenie hoogmoedig wees nie, wees eerder nederig en moenie te gou kwaad word nie (Prediker 7:8-9).
- Sien om na jou werkgewer se belange, dan sal jy die eer ontvang wat jou toekom (27:18).

- Moenie begeer wat jou werkgewer of 'n persoon hoër as jyself het nie. Moet jou ook nie aan hulle bates vergryp nie – dit kom jou nie toe nie en sal jou duur te staan kom (23:1-3; 10:1).
- 'n Werkgewer is beindruk met 'n verstandige werker, terwyl die onwyse maklik in onguns kom (14:35).
- Wees eerlik – dit maak dat jy die goedgesindheid van jou heerser/werkgewer behou (16:13). Onbetroubaarheid bring 'n werker in die moeilikheid (13:17).

10.3 Hulpbron- en tydsbestuur

1. Bestuur van hulpbronne

“Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien en Sy wil doen. Die vrug van jou arbeid sal jy geniet, gelukkig en voorspoedig sal jy wees” (Psalm 128:1-2).

- Die vrugte van ons hande arbeid kan vir ons baie voorspoed en genot bied as ons regverdig bly (12:14). Onthou dat rykdom wat maklik bekom is, kan ook maklik verdwyn. Dit is baie beter om bietjie vir bietjie bymekaar te maak, so beleef jy voorspoed (13:11).
- Bespreek jou planne met God, want Hy het nog steeds die finale besluit en Hy kan jou voornemens seën (16:1&3). “Dit is die seën van die Here wat rykdom bring; jou geswoeg laat dit nie meer word nie (Hy maak dit nie meer net omdat jy harder gewerk het nie)” (10:22).
- Dit wat die Here gee, is genoeg om in ons behoeftes te voorsien. Dit hang af of ons bereid is om dit oordeelkundig te ontwikkel en te gebruik. Indien ons onoordeelkundig te werk gaan met wat ons kry, sal ons dit verloor (13:23).
- Die regverdige gebruik sy bates wys en het daarom ook meer voorspoed. Die goddelose gebruik sy bates tot sy eie nadeel (15:6).
- Jy moet jouself absoluut daarvan weerhou om onregverdige wins te bekom. Hier is 'n paar waarskuwings:
 - a) Onregverdige wins en diefstal beroof jou van 'n voorspoedige lewe en lei na 'n geestelike dood (1:19).
 - b) Wins word bekom met goeie beplanning en harde werk. Oorhaastigheid lei tot verlies (21:5).
 - c) Oneerlike wins verdwyn, maar die mens wat altyd die regte ding doen sal vooruitstrewend bly (11: 18).
 - d) Oneerlike wins smaak op die oomblik goed, maar agterna sal jy klippe kou (20:17).
 - e) Moenie met oneerlikheid 'n winskopie bekom nie (20:14).
 - f) As jy voordeel ontvang uit gesteelde goed, sal 'n vloek jou tref (29:24).
- Pas selfs die minste of kleinste op – dit is die druppels wat die emmer volmaak. Jy weet ook nie wat die toekoms inhou nie. *“Sorg dat jy weet wat jou kleinvee nodig het...Rykdom hou nie vir altyd nie...dit is die kleinvee wat weer in jou basiese behoeftes sal voorsien”* (27:23-27).

- Wees noukerig met alles wat jy doen, want die slordige mens vermors net soveel van sy hulpbronne as die een wat onverantwoordlik daarmee is (18:9).
- Maak goeie beleggings in jou hulpbronne. Een goeie hulpbron is baie meer werd as 'n klomp slegtes. *“As daar nie osse is nie, is die voerkrip leeg; met net een goeie os bring jy 'n groot oes in”* (14:4).
- Bestuur jou besittings op so 'n wyse dat selfs jou kleinkinders daarvan kan erf. *“'n Goeie mens laat 'n erfenis na ook vir sy kleinkinders...”* (13:22).
- Moenie geld leen as dit nie absoluut noodsaaklik is nie. *“...die lener is die slaaf van die man by wie hy leen”* (22:7). Dit is nie reg dat ons slawe van iemand / 'n instelling word nie, want dit neem al ons energie op en dan het ons minder tyd, energie en hulpbronne om ons werk vir die Koningryk te doen. Verder verneder ons onself deur gedurig te gaan pleit vir geld (hoed in die hand te staan) (18:23).
- Moenie borg staan nie, dit is dwaas (17:18; 11:15). *“Moenie een van die wees wat borg staan nie, moenie instaan vir ander se skuld nie”* (22:26). Hoekom nie, want *“waarom moet hulle selfs jou bed onder jou uitvat as jy nie kan terugbetaal nie?”* (22:27). As jy vir iemand borg gestaan het, het jy jouself verbind aan jou woord en kan dit soos 'n vangstrik wees (6:1-2). In so 'n geval moet jy alles in jou vermoë doen om daaruit te kom (6:3-5; 27:13). Die waarskuwing hier is dat ons nie betrokke moet raak by die dwase gedrag van ander en dan daarvoor wil instaan nie. Sulke mense span hulle eie vangstrikke, 'n regverdige mens moet die strikke voor die tyd raaksien en vermy (22:3). *“'n Voël wat 'n net sien wat vir hom gespan is, vlieg nie daarin vas nie...”* (1:15-18).
- Dit is gevaarlik om omkoopgeskenke te ontvang (15:27). Onthou ook dat as jy iemand anders wil omkoop, is daar nie meer ander paaie om daarna te loop nie. As daardie omkoopgeskenk nie “towerkrag” het nie, het jy geen kans op sukses nie (17:8). God sê in elk geval dat *“'n Goddelose mens bied (en ontvang) omkoopgeskenke onder die tafel en verdraai dan die reg”* (17:23). Wat in werklikheid gebeur met omkoperie is dat die persoon wat omgekoop word, niks anders belangriker ag as die “geskenk” nie – hy sal nie reg laat geskied aan die saak of ander mense nie (lees ook Genesis 23:8).
- Wees vrygewig en gun ander mense ook voorspoed. *“Daar is mense wat vrylik uitdeel en tog steeds meer het, daar is ander wat suinig is en tog arm word. Wie 'n ander voorspoed gun, sal self oorvloed hê, Wie die dors van ander les, sal self genoeg kry as hy dors is”* (11:24-25).
- Moenie dat armoede jou onderkry nie, werk vir voorspoed, dit bied wel beskerming (10:15), maar onthou dat niks jou kan beskerm as jy nie opreg voor God leef nie (11:4; 11:28). Weet ook dat iemand wat homself deur sy eie dwaasheid verarm het, nie altyd simpatie van sy familie en vriende moet verwag nie (19:7).
- Rykdom is ook 'n las. Almal wil altyd daarin deel en ander kan jou daarvoor laat skuldug voel of jou daarmee afpers. Dit is nie 'n bekommernis wat die arm man het nie (13:80).

2. Tydsbestuur

Tyd is die enigste hulpbron wat God ons gegee het wat nie hernubaar is nie – dit is die beperking wat ons het. Jesus het gesê *“Solank dit nog dag is, moet ons werk... (want) die nag kom wanneer niemand meer kan werk nie”* (Johannes 9:4). Ons is verantwoordelik voor God om die tyd wat Hy ons hier op aarde gegee het, wys te gebruik. Daarom moet ons kennis en vaardigheid opdoen sodat ons nie kortpaaie soek om te kry wat ons moet hê nie – dit is dikwels 'n mors van tyd.

- Moenie jouself met nuttelose dinge besig hou nie, dit is dwaas – doen die werk wat jy gekry het om te doen (12:11), anders gaan jy verarm (28:19) en baie tyd mors.

- Kry jou prioriteite reg. Moenie jouself afsloof om skatkyk te word nie en moenie jou sin vir waardes verloor nie. Jy kon daardie tyd beter benut het (23:4-5). Weet dus wanneer jy genoeg het en verhoed om gierig te raak. Gierigheid opsigself lei tot oneerlikheid (15:27).
- Sorg dat jou bedoelings altyd suiwer is. In ons eie oë lyk alles wat ons doen reg, maar God ken ons motiewe. Ons het Sy goedkeuring nodig om aan te gaan, anders mors ons ons tyd (16:2; 21:2). *“Liewer min hê en die Here dien as groot rykdom en bekommernis daaroor”* (15:16).
- Moenie jou tyd, gevoelens & hulpbronne mors om ‘n dwaas reg te help nie. Hulle behandel jou insette in elk geval met minagting (23:9).
- *“Moenie roem op wat jy môre verwag nie; jy weet nie wat die dag sal oplewer nie”* (27:1). Al beplan jy jou pad, is dit nog steeds die Here wat bepaal hoe jy hom sal loop (16:9; 19:21). Weet egter dat die pad van die regverdiges soos “‘n helder oggendlig” moet wees wat sterker word soos dit dag word. Ons paaie moet nie in die donker geloop word nie (4:18-19).

3. Verhoed armoede so: (6: 6-11; 12:14)

1. Pak jou werk met integriteit en ywer aan;
2. Selfs sonder toesig moet jy altyd jou beste lewer;
3. Moenie jou geld verkwis nie, sit weg vir die toekoms;
4. Moenie lui wees nie. Doen elke dag wat jy moet doen;
5. Gebruik al die geleenthede wat aan jou gegee word en doen elke dag wat jy kry om te doen;
6. Kommunikeer met wysheid en insig;
7. Wees gretig om van ander te leer.

4. Kennis en vaardigheid

In ons almal se lewe, pak ons vele projekte/take aan, hetsy dit binne familieverband (huisbou), vriendskap, werk, bediening, ens is.

Die 4 beginsels vir ‘n suksesvolle uitkoms (oorwinning) is:

- a) **Kennis**: Kennis gee mag. Mens moet kennis opdoen van alles om jou – jou omgewing, jou werk, mense, vaardigheid, ens. Wees leergierig en soek kennis sonder ophou. Daar is geen hoop dat jou planne sal slaag as jy nie genoeg kennis het nie (20:18; 24:4; 24:13-14). Dit is ook belangrik dat jy kennis oor jou werk het: *“Ywer sonder kennis deug nie; oorhaastigheid bring foute”* (19:2). Jy het ook ‘n beter kans om ‘n goeie werk te kry as jy kennis het: *“Jy sien self: iemand wat vaardig is in sy werk, kom in die diens van konings, nie in die diens van mense sonder aansien nie”* (22:29).
- b) **Insig**: Sonder kennis kan mens nie insig bekom nie. Gebruik jou kennis om begrip te ontwikkel oor hoe goed werk. Gesonde insig is die fondament van elke suksesvolle projek/taak (24:3).
- c) **Wysheid**: Gebruik jou kennis en insig om wyse besluite te maak rakende alle projekte/take en verhoudings in jou lewe. *“Dit is die wyse man wat sterk is, die een wat kennis het, wat werklik kan sterk staan”* (24:5).
- d) **Beplanning**: Sorg dat jou beplanning altyd goed gedoen is alvorens jy ‘n projek/taak aanpak Raadpleeg ander mense oor jou planne –

gebruik hulle kennis, ervaring en vaardighede. So het jy 'n beter kans dat jou planne sal slaag (15:22; 24:6; 24:27).